25. The behaviour of children with hearing loss is likely to set a bad example for the rest of the class.				V41 <input type="checkbox"/> 50
26. A child with a hearing loss's classroom behaviour requires more patience than a hearing child.				V42 <input type="checkbox"/> 51
27. Regular school teachers should not be expected to teach children with hearing loss..				V43 <input type="checkbox"/> 52
28. Having a child with a hearing loss in my class would require too much effort.				V44 <input type="checkbox"/> 53
29. Regular teachers have the basic techniques to teach any children, including children with hearing loss.				V45 <input type="checkbox"/> 54

	<b>I agree (YES)</b>	<b>Uncertain</b>	<b>I do not agree (NO)</b>	<b>Office use only</b>
30. I am willing to allow a professional person (e.g. psychologist, audiologist, speech therapist) in my class, in order to support the inclusion of a child with a hearing loss in my class.				V46 <input type="checkbox"/> 55
31. I am willing to go for further training in order to accommodate a child with a hearing loss in my class.				V47 <input type="checkbox"/> 56

**Section C:**

**General**

**Please give your opinion regarding the following questions:**

1. Should I receive training in order to accommodate the child with a hearing loss in the classroom, my choice of training would be as follows.

Arrange the given options from 1 - 4 in order of preference; with **1**= my first choice and **4**=my last choice.

a) Personal in-service training by a qualified audiologist.	
b) A complete educational course over a period of days.	
c) A special educational diploma / certificate	
d) Informal in-service training through an informational pamphlet.	

V48  57  
 V49  58  
 V50  59  
 V51  60

2. Do you have any specific training needs in terms of handling a child with a hearing loss in the mainstream setting. In other words, what would you like to know more about?

---



---



---

V52  61-62  
 V53  63-64

3. Is there anything else that you would like to share concerning the inclusion of the hearing-impaired child into mainstream education?

---



---



---



---

V54  65-66  
 V55  67-68

**HOUDINGSVRAELYS****Vir kantoorgebruik**

Respondentnommer	V1 <input type="text"/> <input type="text"/> <input type="text"/> <input type="text"/> 1-4
------------------	--

**Instruksies:**

***Aangesien daar van u verwag word om die vraelys so eerlik moontlik te voltooi, word anomiteit verseker en hoef u naam op geen deel van die vraelys te verskyn nie. U hulp met die voltooiing van die vraelys is van uiterste belang, alhoewel deelname vrywillig en opsioneel is.***

**Afdeling A:****Demografiese inligting**

(Merk asseblief die toepaslike blokkie met 'n ×)

1. Geslag:

Manlik	<input type="checkbox"/>
Vroulik	<input type="checkbox"/>

V2  5

2. Huistaal:

Engels	<input type="checkbox"/>
Afrikaans	<input type="checkbox"/>
SeTswana	<input type="checkbox"/>
iSiZulu	<input type="checkbox"/>
iSiXhosa	<input type="checkbox"/>
Sepedi	<input type="checkbox"/>
TshiVenda	<input type="checkbox"/>
SeSotho	<input type="checkbox"/>
SiSwati	<input type="checkbox"/>
XiTsonga	<input type="checkbox"/>
iSiNdebele	<input type="checkbox"/>

V3   6-7

3. Wat is u ouderdom?

\_\_\_\_\_ jaar

V4   8-9

4. Wat is u hoogste vlak van opleiding?

\_\_\_\_\_

V5   10-11

5. Tipe skool waar u tans onderrig gee?

Privaat skool	<input type="checkbox"/>
Departementele skool	<input type="checkbox"/>

V6  12

<p>6. Graad waarvoor u tans onderrig gee:</p> <table border="1" data-bbox="207 212 615 285"> <tr> <td>Pre-primêr</td> <td><input type="checkbox"/></td> </tr> <tr> <td>Primêr</td> <td><input type="checkbox"/></td> </tr> </table>	Pre-primêr	<input type="checkbox"/>	Primêr	<input type="checkbox"/>	<p>V7 <input type="text"/> 13</p>				
Pre-primêr	<input type="checkbox"/>								
Primêr	<input type="checkbox"/>								
<p>7. Aantal leerlinge in u huidige klas: _____ leerlinge</p>	<p>V8 <input type="text"/> <input type="text"/> 14-15</p>								
<p>8. Aantal jare onderrig ervaring: _____ jaar</p>	<p>V9 <input type="text"/> 16-17</p>								
<p>9. Is inklusiewe onderwys reeds by u skool geïmplementeer?</p> <table border="1" data-bbox="207 678 615 751"> <tr> <td>Ja</td> <td><input type="checkbox"/></td> </tr> <tr> <td>Nee</td> <td><input type="checkbox"/></td> </tr> </table>	Ja	<input type="checkbox"/>	Nee	<input type="checkbox"/>	<p>V10 <input type="text"/> 18</p>				
Ja	<input type="checkbox"/>								
Nee	<input type="checkbox"/>								
<p>10. Hoeveel kinders met 'n gehoorverlies is tans in u klas? _____ kinders</p>	<p>V11 <input type="text"/> 19-20</p>								
<p>11. Dui asseblief u persoonlike ervaring t.o.v gehoorverlies aan. (merk alle blokkies wat van toepassing is)</p> <table border="1" data-bbox="207 1066 615 1381"> <tr> <td>Geen ervaring</td> <td><input type="checkbox"/></td> </tr> <tr> <td>Ek het self 'n gehoorverlies</td> <td><input type="checkbox"/></td> </tr> <tr> <td>Ek ken familie / kennisse met 'n gehoorverlies</td> <td><input type="checkbox"/></td> </tr> <tr> <td>Ek het al 'n kind met 'n gehoorverlies onderrig</td> <td><input type="checkbox"/></td> </tr> </table>	Geen ervaring	<input type="checkbox"/>	Ek het self 'n gehoorverlies	<input type="checkbox"/>	Ek ken familie / kennisse met 'n gehoorverlies	<input type="checkbox"/>	Ek het al 'n kind met 'n gehoorverlies onderrig	<input type="checkbox"/>	<p>V12 <input type="text"/> 21 V13 <input type="text"/> 22 V14 <input type="text"/> 23 V15 <input type="text"/> 24</p>
Geen ervaring	<input type="checkbox"/>								
Ek het self 'n gehoorverlies	<input type="checkbox"/>								
Ek ken familie / kennisse met 'n gehoorverlies	<input type="checkbox"/>								
Ek het al 'n kind met 'n gehoorverlies onderrig	<input type="checkbox"/>								
<p>12. Indien dit u keuse is, sal u 'n kind met gehoorverlies in u klaskamer insluit?</p> <table border="1" data-bbox="207 1507 638 1581"> <tr> <td>Ja</td> <td><input type="checkbox"/></td> </tr> <tr> <td>Nee</td> <td><input type="checkbox"/></td> </tr> </table>	Ja	<input type="checkbox"/>	Nee	<input type="checkbox"/>	<p>V16 <input type="text"/> 25</p>				
Ja	<input type="checkbox"/>								
Nee	<input type="checkbox"/>								

<b>Afdeling B: Houdingsvraelys</b>	<b>Ek stem saam (JA)</b>	<b>Onseker</b>	<b>Ek stem nie saam nie (NEE)</b>	<b>Vir kantoorgebruik</b>
(Merk asseblief die toepaslike blokkie met 'n × )				
1. Die insluiting van kinders met gehoorverlies in gewone klaskamers sal lei tot die verlaging van huidige akademiese standaarde in die skool.				V17 <input type="checkbox"/> 26
2. 'n Kind met gehoorverlies kan 'n beter kwaliteit onderrig by 'n gewone skool ontvang as by 'n spesiale skool vir dowes of hard-horendes.				V18 <input type="checkbox"/> 27
3. Die meeste kinders met gehoorverlies sal nie die akademie in hoofstroomskole kan bemeester nie.				V19 <input type="checkbox"/> 28
4. Afsonderlike onderrig vir kinders met gehoorverlies was sover suksesvol en moet nie verander word nie.				V20 <input type="checkbox"/> 29
5. Kinders met gehoorverlies behoort elke geleentheid te kry om te funksioneer in gewone klaskamers, waar moontlik.				V21 <input type="checkbox"/> 30
6. Die gewone klaskamer kan die omgewing wees wat die kind met gehoorverlies die minste sal beperk (waar hy maksimaal kan funksioneer.)				V22 <input type="checkbox"/> 31
7. Insluiting van die kind met gehoorverlies in gewone klasse is nie prakties nie.				V23 <input type="checkbox"/> 32
8. Insluiting kan moontlik lei tot beter begrip en aanvaarding van individuele verskille tussen die leerlinge.				V24 <input type="checkbox"/> 33
9. Skole vir die dowes en hard-horendes is die mees aanvaarbare plek waar alle kinders met gehoorverlies onderrig behoort te ontvang.				V25 <input type="checkbox"/> 34



	<b>Ek stem saam (Ja)</b>	<b>Onseker</b>	<b>Ek stem nie saam nie (Nee)</b>	<b>Vir kantoorgebruik</b>
10. Kinders met gehoorverlies wat opvoedkundig ingesluit word, sal beter sosiaal funksioneer in die "horende wêreld" as dié wat skole vir dowes bywoon.				V26 <input type="checkbox"/> 35
11. Insluiting sal heel moontlik 'n negatiewe effek op die emosionele ontwikkeling van die kind met 'n gehoorverlies hê.				V27 <input type="checkbox"/> 36
12. Kinders met gehoorverlies sal heel moontlik deur hul horende portuurgroep uitgesluit word.				V28 <input type="checkbox"/> 37
13. Daar sal moontlik 'n groter stigma kleef aan die kinders se gestremdheid as hulle ingesluit word, as wanneer hulle onderring saam met hul gehoorgestremde maats ontvang.				V29 <input type="checkbox"/> 38
14. Gereelde kontak met kinders met gehoorverlies is potensieel skadelik vir normaal horende kinders.				V30 <input type="checkbox"/> 39
15. Ek voel gefrustreerd, omdat ek nie weet hoe om 'n kind met gehoorverlies te help nie.				V31 <input type="checkbox"/> 40
16. Ek voel onkundig en oningelig aangaande die kind met gehoorverlies.				V32 <input type="checkbox"/> 41
17. Ek voel ongemaklik en vind dit moeilik om te ontspan in die teenwoordigheid van 'n kind met 'n gehoorverlies.				V33 <input type="checkbox"/> 42
18. Ek is geneig om kinders met gehoorverlies te vermy.				V34 <input type="checkbox"/> 43
19. Interaksie met horende kinders kan moontlik lei tot die ontwikkeling van 'n beter selfbeeld by kinders met gehoorverlies.				V35 <input type="checkbox"/> 44

	<b>Ek stem saam (Ja)</b>	<b>Onseker</b>	<b>Ek stem nie saam nie (Nee)</b>	<b>Vir kantoorgebruik</b>
20. Normaal horende kinders sal meer geneig wees tot aanvaarding van ander persone met spesiale behoeftes wanneer hulle in aanraking kom met kinders met gehoorverlies.				V36 <input type="text"/> 45
21. Die uitdaging om in 'n gewone klaskamer te funksioneer, kan lei tot die verhoging van akademiese groei van die kind met gehoorverlies.				V37 <input type="text"/> 46
22. Die aanpassings wat deur die onderwysers gemaak moet word om die kinders met gehoorverlies te akkommodeer (bv. om in 'n laer stemtoon te praat en instruksies op die swartbord te skryf); sal ook tot voordeel wees van die normaal horende kinders.				V38 <input type="text"/> 47
23. Kinders met gehoorverlies benodig addisionele individuele aandag wat die ander leerlinge sal benadeel.				V39 <input type="text"/> 48
24. Dit sal moeiliker wees om orde en dissipline in die klas te handhaaf wanneer daar kinders met gehoorverlies ingesluit is.				V40 <input type="text"/> 49
25. Die gedrag van 'n kind met gehoorverlies sal moontlik 'n swak voorbeeld stel vir die horende klasmaats.				V41 <input type="text"/> 50
26. 'n Kind met gehoorverlies se gedrag in die klaskamer verg meer geduld as diè van horende kinders.				V42 <input type="text"/> 51
27. Daar behoort nie van gewone onderwyseresse verwag te word om kinders met gehoorverlies te onderrig nie.				V43 <input type="text"/> 52

	<b>Ek stem saam (Ja)</b>	<b>Onseker</b>	<b>Ek stem nie saam nie (Nee)</b>	<b>Vir kantoorgebruik</b>
28. Om 'n kind met gehoorverlies in die klas te hê, sal te veel ekstra moeite wees.				V44 <input type="text"/> 53
29. Gewone onderwyseresse beskik oor die basiese vaardighede om enige kind te onderrig, insluitend kinders met gehoorverlies.				V45 <input type="text"/> 54
30. Ek is bereid om 'n ander professionele persoon in my klas toe te laat, om die kind met gehoorverlies in die klas te ondersteun.				V46 <input type="text"/> 55
31. Ek is bereid om verdere opleiding te ondergaan om die kind met 'n gehoorverlies in my klas te akkommodeer.				V47 <input type="text"/> 56

**Afdeling C:**

**Algemeen**

Verskaf asseblief u eie mening aangaande die volgende vrae:

1. Indien ek verdere opleiding moet ondergaan ten einde die die kind met gehoorverlies in my klas te akkommodeer, sal my keuse van opleiding soos volg wees.

Rangskik die gegewe opsies asseblief na voorkeur van 1 – 4, met

1=my eerste keuse en

4=my laaste keuse

a) Persoonlike indiensopleiding deur 'n gekwalifiseerde oudioloog.	
b) 'n Volledige opleidingskursus wat strek oor enkele dae.	
c) 'n Spesiale onderwysers diploma.	
d) Informele indiensopleiding deur middel van inligtingstukke.	

V48  57  
 V49  58  
 V50  59  
 V51  60

2. Het u enige opleidingsbehoefte ten opsigte van die hantering van die kind met 'n gehoorverlies in die hoofstroomopset. Met ander woorde, waarvan sou u graag meer te wete wou kom?

---



---



---

V52  61-62  
 V53  63-64

3. Is daar enige iets wat u nog wil vermeld rakende die insluiting van die kind met 'n gehoorverlies in die hoofstroom?

---



---



---



---

V54  65-66  
 V55  67-68

**RESPONSES ACCEPTED AS INDICATIVE OF POSITIVE ATTITUDES**

<b>QUESTION</b>	<b>RESPONSE INDICATIVE OF POSITIVE ATTITUDE</b>
Q 1	Not agree
Q 2	Agree
Q 3	Not agree
Q 4	Not agree
Q 5	Agree
Q 6	Agree
Q 7	Not agree
Q 8	Agree
Q 9	Not agree
Q 10	Agree
Q 11	Not agree
Q 12	Not agree
Q 13	Not agree
Q 14	Not agree
Q 15	Not agree
Q 16	Not agree
Q 17	Not agree
Q 18	Not agree
Q 19	Agree
Q 20	Agree
Q 21	Agree
Q 22	Agree
Q 23	Not agree
Q 24	Not agree
Q 25	Not agree
Q 26	Not agree
Q 27	Not agree
Q 28	Not agree
Q 29	Agree
Q 30	Agree

---


## **Appendix F**

### **Permission from the Research Proposal and Ethics Committee**

**Members:**

**Research Proposal and Ethics Committee**

Dr P Chiroro; Dr L Davis; Prof C Delpont;  
Dr JEH Grobler; Prof KL Harris; Dr JdeC Hinch;  
Prof E Krüger; Prof B Louw (Chair); Prof D Prinsloo;  
Dr E Taljard; Prof J van Eeden; Prof A Wessels;  
Mr FG Wolmarans



**University of Pretoria**

**Research Proposal and Ethics Committee  
Faculty of Humanities**

8 October 2004

Dear Mrs Pottas

**Project:** *Inclusive education in South Africa: the challenges posed to the teacher of the child with a hearing loss*  
**Researcher:** L Pottas  
**Supervisor:** Prof SR Hugo  
**Department:** Communication Pathology  
**Reference number:** 8631700

Thank you for your correspondence dated September 2004. The Committee appreciates the clarification of the issues previously raised.

I have pleasure in informing you that the Research Proposal and Ethics Committee formally approved the above study on 30 September 2004.

We wish you success with the project.

Sincerely

A handwritten signature in cursive script, appearing to read 'B Louw'.

**Prof Brenda Louw**  
**Chair: Research Proposal and Ethics Committee**  
**Faculty of Humanities**  
**UNIVERSITY OF PRETORIA**

## **Appendix G**

### **Transcription of focus group discussions**



## Focusgroup Discussion – Teachers

**F: Ek wil net gou-gou vra, voor ons begin, as julle die term insluitende progressiewe onderwys moes hoor, waaraan dink julle? Wat impliseer dit ...?**

1: Ek sien dit as kinders wat in die ou bedeling in 'n spesiale skool sou wees. Kinders wat in 'n Doveskool sou wees, kinders wat in 'n Blindeskool sou wees. Kinders wat in een of ander skool sou was waarvoor jy nou moet akkomodeer in 'n gewone skool.

**F: Goed, ietsie anders ...?**

2: Dit is kinders wat spesifieke behoeftes het en geakkomodeer word in gewone skole.

**F: Ek gaan sommer oorgaam ... daar is 'n vraag wat ek nogal gedink het ek kan vra vir iemand wat so outjie self in die klas gehad het.**

3: Net vir 'n kort rukkie.

**F: Het jy enigsens anders gevoel toe jy beseef het dat jy 'n kind met 'n gehoorverlies gaan hê?**

3: Weet jy, in die begin. Jy is redelik bewus daarvan dat jy anders moet klasgee. Jy moet jou voorbereiding ook so maak dat dit daarby aanpas, en dit was vir nie eintlik heeldag elke dag se storie nie. So ek moes... Hierdie les moet ek iets anders doen. Ek dink as 'n mens in daardie situasie is, raak jy dalk gewoon aan die hele klasopset en almal raak gewoon daaraan maar vir my spesifieke was dit ...

1: Vir my was dit anders in die opsig ... ek weet nie of mens ..... wat 'n CI gehad het moet klassifiseer as 'n gehoorgestremde kind nie ... in effek is sy nie want sy kan hoor. Akademies het sy nie probleme nie. So, ..... was in my *stride*. Ek hoef niks ekstra of anders te gedoen het nie en in so geval is die *inclusion* nie so problem nie... want sy hoor net so goed soos die ander kinders en daarom weet ek nie hoe waardevol my insette kan wees nie. Dis nie asof sy ekstra hulp ... of omdat sy dit nog nie kan doen nie. Sy kan klaar hoor. Sy kan klaar alles doen. Dit was glad nie 'n aanpassing nie.

**F: Dit is goed om dit te weet dat hulle so goed doen.....**

1: Maar is dit nou in dieselfde sin van... ek het wel vir so kind skool gehou, maar nie gehoorgestremd is nie, maar wat 'n Down-kind was. Is dit nou ook van toepassing by jou? Gaan dit eintlik oor die gehoor? Sien ek het nie eintlik ervaring daarvan nie en ek neem aan as jy sal moet begin aanpassings maak bv. glad nie meer kan omdraai en op die bord skryf te gelyk nie... daardie tipe van goed sal jy moet kan doen maar ek het nou geen ervaring daarvan nie.

3: So dit was nie eers vir jou nodig om sulke aanpassings te maak nie?

1: Glad nie.

4: Ek wil daarby aanlas... ek het ook vir ..... gehad en vir ..... en met ..... en ..... niks. Jy kyk maar net of die FM reg is en of die batterytjie pap raak... maar rêrig waar normaal. 100% normaal.

1: Ek het net vir ..... gehad waar .... maar sy is nog 'n slim kind ook. So sy het geen probleme nie.

**F: Sou julle sê net so *inclusion* is die kriteria waarvolgens besluit ...**

4: Ja, seker so want ... Hulle moet intelligent wees en daar moet nie ander probleme wees nie. Daar is faktore wat net daar moet wees dan werk dit 100%.

**F: Wat sou julle beskou as die behoeftes van die kind met 'n gehoorverlies?**

4: Emosioneel?

**F: Alles. As mens so'n kind nou sou vat en mens sit hom in 'n gewone skool. Wat sou sy behoeftes wees? ...**

4: ...

3: .... Buddy stelsel. Hy het 'n baie goeie maatjie wat eintlik 'n baie goeie slim intelligente outjie wat in die begin jare toe hy so graad 2-3 was ..... was hy altyd saam met die outjie en weet jy baie. Hulle sit nou in groepsverband maar hy sit nou nie weer saam met die maatjie nie maar die maatjie is nog steeds saam in die klas. Dit is nie eens meer nodig nie, maar ek dink die basis daar was goed gelê. So iemand wat saam was wat hom net gehelp het as hy nie mooi verstaan het wat die opdrag was nie.

1: Ek dink dis geweldig moeilik. ....was vir my 'n ander situasie want sy kan hoor, maar as jy regtig 'n kind met 'n probleem het? *I'm all for it* maar daardie kind gaan nie so ver aanvaar word soos die ander nie want noodwendig gaan jy daardie kind anders moet hanteer. Noodwendig gaan hy moet, veral as hy nou 'n ander probleem het ... miskien skolasties nie vorder nie omdat hy nie kan hoor nie. Hy gaan nie een sin kan skryf nie want hy gaan nie kan hoor wat jy sê nie. Dan het *inclusion* vir my persoonlik .... kan ek vir jou sê ... is dit vir my emosioneel verskriklik moeilik. Ek praat vanuit die standpunt van 'n kind wat op 'n ander gebied nou ..... So'n kind in jou klas is absoluut nie ideaal nie. Dit is in elk geval vir die juffrou wat in elk geval ongelooflik baie het om te hanteer en baie het om te doen. Dit is nie net van jy het een kindjie ekstra nie. Jy het een groot probleem ekstra, want die kind is emosioneel nie gereed nie. As hy nie kan hoor nie dan is dit nie net van hierdie kind kan nie hoor nie.... Hy kan nie hoor om 'n sin te skryf nie. So wat doen hy terwyl die ander sinne skryf? Ek kan nie die healtyd die kind emosioneel ondersteun terwyl daar 30 ander emosioneel ondersteun moet word nie want hulle het ook ondersteuning nodig. Ek kan nie healtyd help om sy probleem te oorbrug terwyl daar 30 ander geregtig is op my aandag nie. Ek kan nie vir hom wat nie kan hoor nie, help nie. Dit is net onmoontlik. En terwyl jy hom nie kan help nie, as jy die ander 30 help, is hy 'n ontwrigting. Want wat gaan hy doen? Hy kan nie hoor nie. Hoe lank moet hierdie arme kind nou stilsit as hy nie kan hoor nie? Wat moet ek as juffrou doen wat nie die opleiding het om die kind regtig te help nie? Ek meen ek kan normale kinders leer lees en skryf, bietjie uitval die kant toe, bietjie uitval daardie kant toe, help en so aan, maar kinders met sulke geweldige uitvalle, om dit ..... as een juffrou *inclusion* .... 30 kinders en dan een kind met sulke geweldige uitvalle ..... Na my mening of dit gehoor, sig, kognitief of wat ook al die geval is, so geweldige uitval .... dis 'n saak van onmoontlikheid. Op die ou einde voel dit vir my of mens net besig is om meer en meer te verwag en dis eintlik onmoontlik.

2: Ek het gedink dat dit moontlik kan wees dat sy andersheid nie baie gewig moet dra nie. Dat hy nie so uitstaan tussen die ander kinders nie. En die manier waarop mens hom hanteer ... dat hy sy andersheid nie so intens beleef nie.

**F: Dit sluit aan by die emosionele.**

1: Maar hoe wil jy dit doen ... ek sê as dit soos ..... was, het ons haar nie anders hanteer nie. Ek bedoel ..... het wonderlik aangegaan, dit was geen issue nie. Maar as hy soveel anders is dan is die ideaal om hom nie so anders te hanteer nie ... maar in die praktyk is dit verskriklik moeilik om hom nie anders te hanteer nie. In die praktyk selfs is dit wonderlik en dit klink reg en opvoedkundig en emosioneel en al daardie wonderlike dinge. Dit is waar, jy moet hom nie anders hanteer nie. Maar in die praktyk, as die outjie, ek gaan nou van die ding uit dat die outjie glad nie kan hoor nie, dan is daar nie 'n manier om hom nie anders te hanteer nie want die ander kan hoor. Die praktyk is net 'n ander situasie. Hoe moet ek, ek weet nie, ek het nie spraakterapie nie, ek het nie 'n spraakterapie agtergrond nie, ek weet nie hoe om 'n kind wat gehoorgestremd is te leer om te luister nie. Ek is dom, moet ek hom leer liplees, moet ek vir hom gebaretaal leer, wat moet ek doen?

- 2: Sou mens anders daarvoor gevoel het as daar permanente ondersteuning gehad het of as daar ondersteuning was, sou dit 'n verskil gemaak het aan die ondersteuning van so outjie?
- 1: Weet jy, ek het al baie met ..... gepraat. Die ding is net .... jy het gepraat oor ... weet jy oorsee in 'n klaskamer met een kind wat volgens *inclusion* is het jy ekstra hulp m.a.w. as ek hier is en jy kan elke dag saam met ..... of ..... wat die probleem het ... en wat ek ookal doen kan jy vir ..... of ..... die hele tyd help. *Fine*, dan kan dit werk maar op hierdie stadium ... wat se ondersteuning het ek? Jy kry so dik boek of papier of wat ookal en dan sê die ma vir jou *sorry* my kind is gehoorgestremd, hierdie is die inligting, gaan dit deur. In die klas situasie het jy 'n ekstra hand nodig om daardie kind te help. As jy dit nie het nie, ek kan dit nie doen nie.
- 4: Ek sit nou en dink ek het kindertjies .... ek dink nou aan ..... was 'n probleem maar toe dink ek nou daaraan .... ek het tog kindertjies in my klas..... maar omdat ek kennis het van gehoorgestremdheid. Daar was kindertjies daarna wat horend was wat erger uitvalle gehad het as ..... wat ek in elk geval mee moes *cope* want daar was nie 'n plek om hulle heen uit te stuur nie. Dit was maklik om te sê ..... Nuwe Hoop toe is die beste plek vir jou, maar nou sit jy met 'n outjie wat baie swak is waarna jy net moet kyk.
- 4: Ek dink dis waar wat..... sê, as mens net die kennis het van hoe om 'n gehoorgetremde te hanteer, dan is dit maar dieselfde as 'n baie swak outjie wat swak vorder in die klas wat RO moet kry. Dit is maar dieselfde.

**F: Jy sê nie noodwendig 'n ondersteuning in terme van 'n klomp inligting nie maar iemand wat fisies by jou in die klas is.**

- 1: Iemand om daardie kind te help want daardie kind het leterlik hulp  $\frac{3}{4}$  van die tyd nodig. As hy probleem het ... ek praat nou nie van iemand soos ..... nie. En ek kan nie as juffrou die helfte van die tyd aan een kind spandeer nie want daar is 30 anders soos sy sê wat ander probleme het wat ek dalk kan regmaak wat ek dalk die kennis het om te kan regmaak. Ek het kennis van 'n kind wat kom ons sê 'n ander skolastiese probleem het en wat net met 'n bietjie RO of wat ek kennis voor het, kan regmaak. Nou kan ek nie die helfte van my tyd spandeer aan 'n kind wat ek nie die kennis het om hom te help nie. Ek bedoel dis onmoontlik om te sê gee vir juffrou die kennis... Spraakterapeute ... daardie tipe mense het mos nie .... jy kan mos nie al daardie kennis vir my in 'n kitskursussie gee nie. So dis 'n moeilike stelsel en finansiële weet ek dis net onmoontlik om vir elke gehoorgestremde kind sy eie hulp te hê tensy ouers dit finansiële kan bybring miskien?

**F: Om weer terug te kom na wat ons gesê het die behoeftes van die kind. Ons het begin by die emosionele gedeelte. Is daar nog spesifieke wat julle dink .....**

- 2: Ja, sosialisering. Het hy nie 'n behoefte om te sosialiseer nie? Dit het baie met aanvaarding te doen.
- 4: Die fisiese behoeftes in die skool .... bv. Atletiek ... praat jy nou van sulke behoeftes? Oor die algemeen nou in so skoolopset soos in saalbyeenkomste is gehoorgestremdes verlore.
- 4: Ons het .... en .... ek het ervaar dat selfs ..... en ..... sit en rondkyk het en dan .... sit altyd die outjies af met atletiek .... maar dan tik jy maar net op sy skouer en dan ... ek het ook ervaar swemtye, wanneer al die gehoorapparate afgehaal word, dan's hy stokdoof tussen al die ander. Dit is ook 'n helemale ander situasie op sy eie.

**F: Spesifiek die klaskamer. Enige ander behoeftes in die klaskamer?**

- 3: Fisies is daar nie enigsens iets anders nie. Hulle kan trappe klim.
- 1: Sulke kinders se balans, omdat gehoor en balans hand aan hand gaan, is sulke kinders se balans aangetas?

**F: Nie noodwendig nie.**

- 1: Miskien as hulle balans aangetas is sal jy miskien 'n reling moet hê of as daar so probleem is .... vir my was dit nie 'n probleem nie.

**F: Watter aanpassings dink julle is nodig om so 'n kind in 'n klaskamer te kan akkomodeer?**

- 2: Dit voel vir my of daar 'n bewustheid moet wees van die outjies en van sy spesifieke behoeftes ..... ek dink net in terme van toe ek self met van die outjies in 'n klas in 'n terapeut opset gewerk het. Mens weet die lig moet nie in hulle oë skyn nie, dit moet op jou gesig val. Nou struktureer jy jou klaskamer so maar nou begin jy ander aktiwiteite op die vloer doen of in ander areas in die lokaal en ek dink baie keer het 'n mens voortdurend bewustheid nodig van 'n outjie se behoefte ... dat jy aanpassings kan maak waar dit so moet wees.
- 4: Ek kan onthou in Gr 1 het ons so baie telaktiwiteite op die mat en selfs in wiskunde. Eintlik verskriklik baie geleenthede om te kyk hoe hulle luistervaardigheid is, want hulle sit so en dan moet een sê 2, 4, 6, 8, 10 en daardie een sit heeltyd daar en luister wat sê die ander so ..... mens moet bewus wees dat daardie enetjie as hy dalk nou nie dadelik dis haar beurt en dis 10 nie, dat sy dalk nie kan .....
- 4: Dis waar wat ..... sê en mens moet maar heeltyd bewus wees van die lig en dan ook die kind nader aan jou sit want jy kyk tog maar na die gesiggie ... is daar begrip? Daar is net 'n bewustheid van daardie outjie wat anders is as by die ander.....

**F: Enige aanpassings wat jy van weet? Wat se goed moes jy doen?**

- 3: Dit was maar die tipe ding waar ek seker moes gemaak het dat hy my gesig kan sien en ook die lig en dan moes ek stadiger praat. Mens moet vreeslik daaraan werk.....
- 1: Weet jy ek dink uit nature as jy skoolhou gaan jy bewus wees van dit en jy gaan so ver as moontlik as wat enige normale intelligente mens kan aanpas, gaan jy aanpas, ek meen as ..... nou nie kan hoor by atletiek nie, is dit nou nie 'n vreeslike groot *issue* nie, omdat ek dit weet en om agter haar te staan en die en die oomblik as die skoot klap op haar ruggie te klap nie. Dit is nie vir my aanpassings nie. Mens doen dit in jou *stride*. Dit is nie moeilik om dit te doen nie, jy is bewus daarvan maar dit is nie ..... jy doen dit in jou *stride*. En 'n bietjie ekstra doen gee mens nie voor om nie, maar dit gaan vir my .... as iemand regtig gehoorgestremd is. Ek kan nie daardie kind in die klas akkomodeer nie want ek weet nie hoe nie. Dis nie omdat ek nie wil nie. Dis nie omdat ek dink hulle is anders nie. Dit is nie omdat ek dink hulle is nie goed genoeg nie. Dis eenvoudig fisies in die praktyk ..... ek kan nie. Ek weet nie hoe nie. Ek is so bang mense dink kom ons gee gou-gou nog 'n handboekie vir haar of nog 'n dit of dat en dan kan sy sommer deurlees en dan kan sy dit doen. Ek dink so kind se behoefte is op 'n professionele vlak, mense wat weet wat hulle doen. Dis so goed jy sê vir my hier dis die spraakterapie boek, dis hoe mens die kinders leer. Daar is mense wat opgelei is om dit te kan doen. Anders is dit sinneloos.
- 2: Ek dink daar is 'n verskil in die soort ondersteuning wat hulle moet kry. Die een manier is om iets vir iemand te gee om te lees..... en my ervaring is 'n onderwyser het heeltemal te veel om te doen om nog weer te lees. Om nog weer 'n studie te gaan maak van 'n veld of 'n spesifieke kind, vreeslik geweldige leeswerk kry. Maar fisiese ondersteuning, sê nou maar iemand kan een maal per dag by jou omkom en sit en identifiseer die dinge waarmee jy 'n probleem het en sit saam met jou en praat .... is dit 'n ondersteuning wat mens mee 'n ent kan stap.
- 1: Tydgebonde dink ek moet mens altyd baie versigtig wees. Ek weet nie wat is die patologie van die saak nie maar die punt is .... veronderstel ..... sit hier en ..... kan nie hoor nie, en jy kom een maal per dag by my om. Nou weet ek elke dag .... dit gaan my elke dag 'n halfuur vat om vir jou die skoolwerk te gee want dis wat Sannie op die ou einde moet kan doen.

2: Maar as daar ondersteuning is om haar gehoorskerte op te tel en dat sy beter kan hoor en beter kan volg .....

1: Daardie tipe ondersteuning het waarde. Dis wat ek sê ..... ek het nie iemand nodig .... ek het nie 'n mamma nodig by die huis wat nou net hierdie kind se werk gaan doen nie. Dit help nie. Iemand moet daardie kind help om te kan hoor want dit is al hoe ek daardie kind kan help as daardie kind kan hoor....

**F: As die kind dan nou gepas is met 'n optimale gehoorapparaat?**

1: Dan *no problem*. As hierdie kind kan hoor ... en ek is bereid om hom op 'n ander vlak te gaan haal as waar ek is .... ek meen ek het al kinders wat geen taal het nie .... ek sal vir hom die taal ... as hy net kan hoor m.a.w. êrens moet die mediese goeters aan gewerk word dat daardie kind kan hoor op die ou einde. En as hy kan hoor is ek meer as bereid om vir hom taal aan te leer .... ek kan vir hom taal aanleer tot hy op standaard is. Ek sal hom op 'n laer vlak gaan haal.... ek sal enige iets doen wat vir my moontlik is maar moenie vir my sê ek moet hom help om die skoolwerk te doen as hy nie kan hoor nie. Dis wat ek voel moet daar wees.

**F: Kan ons gestel hy is nou wel gepas met 'n gehoorapparaat en julle het nou al almal met kinders te doen met addisionele waarvoor mens partykeer aanpassings moet maak in die klaskamer. Dink julle dat 'n kind met 'n gehoorverlies sulke aanpassings sal kan maak?**

4: Weet jy ... ek is nou Gr 1 en mens werk baie visueel ... pragtige apparaat en dit hang seker ook af van wat se persoonlikheid die juffrou het, want as jy 'n dramatiese mens is, dan is dit wonderlik vir daardie gehoorgestremde ... en 'n lewendige persoonlikheid en duidelik praat dan is daar nie aanpassings ... ek het bv. Geen aanpassings wat dit aan betref nie.

**F: Jou goed was klaar baie visueel .....**

4: Ja ... ek weet nie van die hoër klasse nie. Dink jy nie mens moet dit meer visueel maak nie?

1: Jy sal dit dalk meer visueel moet maak maar nie net op akademiese gebied nie ..... ek meen jy gaan hobderde aanpassings moet maak maar wat nie noodwendig 'n probleem is nie. Ek bedoel, as daar 'n konsert is ... jy oefen op 'n daaglikse basis konsert. Daardie kinders moet kan hoor wanneer hulle begin saamsing en hulle moet kan hoor op daardie woord moet hulle daardie beweging doen. So as hulle nie kan hoor nie, dan is dit 'n probleem. Maar dan is dit moontlik om so kind reg agter 'n kind te sit wat goed hoor ... want as daardie kind so maak, maak jy so. Daar is verskillende maniere om daardie kinders te akkomodeer maar dit kan jy doen. Daar is vir elke probleem 'n oplossing solank die kind jou kan hoor. Maar as hy jou nie kan hoor nie..... dit is nie omdat mens nie aanpassings wil maak nie, maar jy kan soveel aanpassings maak as wat jy wil ..... jy sal dit regkry en ek dink mens sal noodwendig eers meer en meer uitvind hoeveel jy moet doen as die kind daar is. As die kind nie daar is nie .... ek het nog nie met so kind te doen nie, so ek weet nie.....

2: Ek bly maar net dink, as mens bewus is van die kind en wat sy sogenaamde spesifieke behoeftes is, gaan jy kan begin planne maak om in daardie behoeftes te voldoen. Ek dink daar is baie keer behoeftes wat verbygaan of wat 'n mens nie van bewus is nie wat dan aanleiding gee daartoe dat daar dalk nie 'n goeie kommunikasie tussen jou en die kind is nie. Sekere dinge gebeur rondom die outjie in die klas wat 'n mens nie rêrig sensitief voor is nie. Ek dink dit gaan vir my daaroor dat jy presies moet weet wie is die outjoe wat daar sit, wat is sy spesifieke behoeftes en en dan dink ek is alle onderwyseresse *problem solvers*.

4: Ek wil vir julle daar sê ..... daar is so outjie presies dieselfde as 'n ander outjie met gedragsprobleme.

- 1: Maar dit moet jy in elkgeval met elke kind doen of hy nou 'n gehoorprobleem het of nie. Jy moet hom in elkgeval akkomodeer en dit is net moeilik as hy nie kan hoor nie. En dan die ander kant ..... om so kind in die klas te hê is nie noodwendig sleg en ontwrigtend nie want dit leer ook die 30 ander dat bv. in .... se geval .... hulle het ook besef dat sy is nie anders as ons nie. Sy kon nie hoor nie maar sy kan nou hoor. Sy is net soos ons. Hulle ervaar haar nie as anders nie. Daar was op 'n stadium 'n kind in 'n rystoel en as hulle op die ou einde kan aanvaar dat die probleem met sy gestremdheid is ook net nog 'n kind met 'n paar behoeftes. Daardie kinders het bepaalde behoeftes. Mens moet net so bewus wees van hulle. Hulle het verskillende immosionele behoeftes en *issues*, dat 'n mens dit moet uitsorteer .... en dit is een aspek. Daar is ander ouens wat behoeftes het wat nie kan hoor nie. Daar is ander ouens wat behoeftes het omdat hulle apparaat dra. Dit leer ook die kinders om gestremdhede te aanvaar. En kinders leer dit baie gou. Hulle honderdmaal eerder 'n kind oorgewig spot as ..... hulle het nooit vir ..... gespot nie.
- 1: Ek dink dit is die hele doel om hulle te leer maar dan moet jy die *life skills* hê om dit te kan doen. Dit help nie om soos bv. met ..... wat nie die vermoë gehad het nie ..... hulle het daardie arme kind uitmekaar getrek en gespot. Dit is vir so kind tien maal slegter in hoofstroom onderwys. Ek dink dit hang absoluut af van die kind se vermoë. .... wat nie daardie ondersheid het nie ..... jy weet wat ek bedoel, teenoor ..... wat die klas ontwrig .....
- 4: Negatiewe gedragsprobleme .....
- 1: En daardie tipe van goed..... oneindige probleme. Daardie kind moet hom kan aanpas in 'n normale skool maar mens kan dit baie vinnig uitsorteer.

**F: Dink julle dat so plasing van so kind spesifieke eise kan stel aan.....? Wat se tipe aspekte sal belangrik wees?**

- 1: Jy sal moet weet wat se behoefte het daardie kind. Op hierdie stadium het ons almal 'n behoeftebepaling vir normale dinge né? Ek kan 'n normale kind hanteer maar bv. 'n egskeding ..... ek moet 'n bietjie meer effort insit om daardie situasie te hanteer. Maar as 'n kind nie kan hoor nie..... ek weet nie wat sy behoeftes gaan wees nie. Dalk huil hierdie kind elke aand sy oë uit omdat ..... dalk weet ek nie die kind moet my gesig kan sien nie. Mens wat nie so kins het nie weet nie die kind moet te alle tye my gesig kan sien nie of ek moet die kind in die middel sit want ek ky darem die meeste van die tyd so nie.

**F: Jy moet kennis hê ...**

- 4: Agtergrondsgeraas ..... ek het baie keer vir die outjies gesê as hulle te hard raas kan kan daardie enetjie nie mooi hoor nie.

**F: So hulle moet weet van die akoestiese omgewing?**

- 4: Ja, onder andere.
- 1: Ek weet dit nie eens nie, so hoe kan ek die kind help as ek dit nie weet nie? En dit is my gevoel. Jy kan nie 'n kind help nie want jy weet nie hoe nie.
- 3: Miskien is daar 'n inligtingsessie nodig om .....

**F: Wat dink julle sal julle moet weet van so iets?**

- 1: Jy sien, dis die probleem. Ons weet nie wat ons nie weet nie. Dit is wat dit so gevaarlik maak en om te sê Inligtingsessie ..... met hierdie nuwe kurrikulum sit mens 3 middag 'n week tot 5 uur en beplanning doen. Dan praat ek nie van netbal en swem en tennis en revue en alles nie. As jy my nog sê ek moet eenmaal elke week na 'n inligtingsessie toe kom .... ek weet nie. Is dit regtig effektief. Moet mens nie mense kry wat weet wat hulle doen ... bymekaar laat kom en daardie kinders .... ek weet nie .... en plaas hulle miskien eenmaal per week in 'n gewone skool om te sosialiseer?

- 4: Behalwe as jy maak soos Kommunika .... dat jy iemand stuur om 'n opmerking te maak en dat die juffrou oop is daarvoor dat sy dit nie ervaar as negatief nie. Ek verstaan daardie ding van juffrou het rêrig nie tyd nie.
- 3: Die ideaal sou natuurlik wees as elke skool 'n fisioterapeut en 'n arbeidsterapeut en 'n spraakterapeut kan hê .....
- 1: Finansieël kan hulle nie. Die Departement voorsien nie dit nie.

**F: Weet julle wat hulle beoog? Hulle beoog *District Support Teams*, Distriks Ondersteuningsspanne wat in 'n distrik ontplooi word wat die diens kan lewer en so van skool na skool gaan .....**

- 1: En hulle lei ook elke ou by die skool op ... 'n juffrou op en sê goed, jy behoort dit nou te weet.

**F: Dit wat hulle beoog .....** (onhoorbare opmerking)

- 1: Maar ek dink vir finansieële doeleindes is dit dan nie makliker waar al tien gehoorgetremdes geakkomodeer kan word nie? Dis goedkoper as om by elke skool 'n 'n spraakterapeut te hê. Maar dat jy hulle hier het, 'n juffrou wat wat weet en opgelei is en meer kennis het en sulke kindertjies dan nou leer .... en dan kan die spraakterapeut eenmaal per week soontoe kom ..... maar dat jy spesifieke plekke het.... dan is dit makliker .....

**F: Hulle het klaar skole geïdentifiseer ..... in elke streek en area maar met die ding dat 'n kind nog altyd kan kom na 'n skool in sy area.**

- 2: Ek dink dat 'n mens 'n tipe pad moet stap met 'n onderwyser. Ek dink nie dit werk om net 'n kind in 'n klas te *dump* nie of om sekere aannames te maak t.o.v. kennis en vaardighede nie. En daarom glo ek dat 'n mens 'n pad moet stap met iemand maar dat jy dan inkom met basiese inligting waaroor die persoon nie beskik nie. Om daardie persoon eers te bemagtig en dan 'n ondersteuningstruktuur te word vir sy spesifieke behoefte. Dit is wat ek in die klas ervaar.

- 1: Maar ek verstaan nie mooi nie. Nou voel ek net as ek die mamma is van 'n gehoorgestremde kind .... die pad wat ek moet stap. Nou gaan ek as my kind in Gr 1 is hierdie pad moet stap, alles vir hierdie Gr 1 juffrou leer wat ookal die behoeftes is..... kyk vir die kind as jy met hom praat, sorg dat hy in die middel van die klas sit..... Na 'n ruk is jy en die juffrou so dat julle nou kan aangaan by die dieper dinge. Dan moet jy die volgende jaar weer dieselfde pad loop want dan is dit weer 'n ander juffrou. En sodra die basiese dinge weer onder die knie is, moet dit weer herhaal word vir die Gr 3 juffrou.

- 2: Gelukkig is dit darem nie so lank nie.....

- 1: Nee, maar ek bedoel hierdie kind begin klasse wissel en dat is hy by 6 juffrouens. Dit is nie so maklik nie.

- 3: Dis heeltemal anders as tuisonderrig byvoorbeeld.

- 1: Hoeveel ouers het regtig die *know-how* om dit te doen? Dan is dit weer dieselfde situasie.

- 3: .... dan sal daar 'n ma by die huis moet wees.....

- 1: En as jy daardie kind by die huis het ontnem jy hom die sosialisering en dis juis eintlik hoekom hulle hom daar wil hê.

**F: Daar is nie iets spesifieks t.o.v. kennis en vaardighede wat .....**

1: Jy kan dit seker nagraads as 'n spesialiteitskursus doen maar die punt is net, die kind moet na sy naaste skool kan gaan. Die naaste skool se juffrou wil nie of kan nie noodwendig dit doen nie. Sy is dalk 'n jaar van aftree af. Sy is nie lus om dit nou te gaan doen nie.

4: Praat julle van opleiding van onderwysers tydens opleiding dat dit 'n moet is?

**F: Ons begin dink dalk aan die moontlikheid omdat dit deel is van die proses van *inclusion* dat ons dit dalk op voorgraadse vlak reeds moet begin insluit in die kursus.**

1: Maar dan sal dit nie net vir gehoorgestremdes wees nie. Bietjie gehoor, kognitief, bietjie van alles moet wees.

**F: Dat hulle net darem die basiese het van gestremdheid en hoe om dit te akkomodeer.**

4: En dan soos ons netnou gesê het dat as jy bietjie meer kennis het dat jy kontak het met 'n spraakterapeut wat bietjie kan insit en die basiese dan so kry.

**F: Julle wat nou die ervaring het van ..... en so aan. Is daar iets spesifiek in daardie opleiding waarop 'n mens moet fokus?**

4: Ek dink nou aan klasaktiwiteite.... hoe om 'n aktiwiteit aan te bied dat daardie outjie lekker waarde daaruit kry. Ek dink nou aan wat ek nou-nou gesê het van die oefening wat ek gedoen het en dit was wonderlik vir die gehoorgestremde..... so dit ..... en dis ook maar luistervaardighede en met taal ..... mens is eintlik meer besig om met die Gr eentjies in elk geval taal te skryf wat wonderlik is vir gehoorgestremdes.

4: Engels is 'n probleem .....

1: Maar dit kom vir my by moedertaal. Dit is soveel makliker vir 'n gestremde kind om in sy moedertaal of eerste taal onderrig te word né? Dink ek nie mens moet verder bodder met 2de en 3de tale nie. Dan praat ek nie eens van ..... wat in sy derde taal eintlik onderrig word nie. Dink dit moet landswet wees.....

**F: Ek wil net gou terugkom na 'n punt toe..... ek dink jy het gesê as ons hulle oplei as onderwysers.... kliniese vaardighede waarop ons moet konsentreer. Is daar iets spesifiek .... veral as jy dink aan 'n kind met 'n gehoorverlies?**

2: Wat van basiese kennis soos wat is 'n gehoorverlies? Hoe werk 'n gehoorapparaat? Hoe werk 'n FM sisteem? Wat is die tipe ding wat jy in ag moet neem as jy met 'n gehoorgestremde praat? Basiese ding i.t.v. kurrikulum aanpassing, my vaardighede .....

1: Die alternatief vir ouens wat dalk al in die onderwys is .....

**F: Daar word 'n diploma aangebied, VDO, deur ons self spesifiek vir onderwys en gehoorgestremdes.**

1: Maar dan dink ek moet mens so VDO aanbied nie net vir gehoorgestremdheid nie maar vir alle gestremdhede met betrekking tot *inclusion* .... dan kan jy vir onderwysers sê doen dit. Jy't 'n 2 jaar kursus vir *inclusion* maar aan die hand daarvan kry jy 'n diploma of 'n kategorieverhoging. Jy koppel hom nie net aan nog 'n vakansiekursus waarheen ek moet gaan, soos laas vakansie, 'n kursus wat ek vir 'n hele week op moet gaan, waarin hulle my niks leer nie en ek kry geen finansieële gewin nie. .... ek is net verplig om te gaan. Dan gaan jy in elkgeval 'n klomp antaginiste kry. Maar stel 'n VDO kursus saam met klomp modules .... sê maar gehoorgestremdheid, gesiggestremdheid .... en jy doen almal dat jy ietsie van almal weet, dan kan jy met *inclusion* iets doen. Ek bedoel .... ek gaan nie net gehoorgestremde kinders kry nie ..... ek gaan eventueel gesiggestremde of fisies gestremde met rolstoel .... so kry liewers 'n oordentlike VDO kursus, laat die onderwyser dit doen ... en die nodige kennis ... en dan 'n kategorieverhoging kry of wat ookal. Dis soos 'n verdere opleiding.



3: Of 'n 2 jaar kursus met die eerste jaar 'n basies van alles ..... en die 2de jaar 'n spesialiteit.

1: Ek wil nie spesialiseer in gehoorgestremdeid nie want ek het een maal in 10 jaar wat ek nou al by Pretoria Oos is ..... het ek net 2 gevalle gehad. Een was gehoorgestremd en die ander was Down-sindroom. Ek sou eerder van almal iets wou weet. Maak dit 'n 2 jaar kursus dat jy van alles kan weet. Want baie van daardie goed gaan oorvleuel.

**F: By Unisa het hulle nou die ..... (onhoorbare opmerking)**

1: Ek weet nie of ek dit sal doen nie want om dit te doen vir een keer in 10 jaar.....

3: Tensy jy besluit jy gaan spesialiseer ..... Gehoorgestremdes word dan altyd in jou klas gesit.....

4: Ek dink nie dit moet enigsens buite die opleiding van elke juffrou wees nie. Elke juffrou moet dit weet. As hulle wil *inclusion* hê moet dit in daardie kursus wees.

**F: Hulle moet as hulle in die skool instap al iets daarvan weet.**

1: Dit moet in hulle opleiding wees. Maar êrens is daar .... die wat nou opgelei word. Maar al die wat nou in die praktyk staan ... met hulle het ons ook ..... So daar sal 2-erlei gekyk moet word. Tydens opleiding of wat ookal en die ouens wat reeds klaar is .....

**F: Is daar enige ander aspekte ..... aspekte wat dalk die rol van die onderwyser kan bemoeilik as hulle 'n kind met gehoorverlies moet inneem bv. ek het al klaar so baie werk, en daar is 30 ander kinders met behoeftes.....**

2: Miskien die multikulturele konteks in skole waar daar behalwe vir die baie kinders ook nog is dat die onderrigtaal nie noodwendig die kind se eerste taal is nie. Ek dink dis nogal 'n groot probleem .....

1: En die ondersteuningsraamwerk wat die kind self het maak 'n geweldige verskil. So dit maak nou nie saak wat die kind se probleem is nie, maar as jy 'n gehoorgestremde kind het en daardie mamma werk saam met jou ... sy probeer jou help en nie aanval nie, maak dit vir die juffrou baie makliker. Wanneer jy so kind het en die ma val jou die healtyd aan .... jy wat intussen in jou onkunde die beste doen wat jy kan doen, en daardie ma val jou die healtyd aan, raak dit nog meer onhoudbaar. Die kind se ondersteuningsraamwerk moet nie noodwendig aanvallend op die juffrou wees nie want die juffrou probeer werklik haar bes. As sy iets verkeerd doen is dit regtig omdat sy nie van beter weet nie en as mens dan aangeval word .... gekritiseer word .... so mens doen iets en omdat jy dalk nie weet nie, doen jy dalk 'n verkeerde ding. Dan moet mens dalk .... moet daar iemand wees wat vir jou op die regte manier kan sê man eintlik .... ek weet nie. Die mense wat jou ondersteun moet weet en nie jou sommer by die inspekteur gaan aangee omdat jy nie vir die kind kyk as jy met hom praat nie, wat jy dalk nie geweet het dat jy vir die kind moet kyk nie. So daar moet baie sensitiewe aanvoeling van beide kante af wees.

3: Goeie verhouding.

1: Dat jy dalk nie noodwendig die juffrou sien as .... sy wil nie help nie. Sy weet dalk nie hoe om te help nie.

**F: Enige iets anders?**

4: Ek dink ek het 'n vreeslike leemte ervaar met spraakterapeute. Daar was nie gereelde kontak nie. Ek het nie altyd geweet waaraan werk sy alles nie of wat doen sy of terugvoer of so nie. Ek het 'n groot leemte daar. Dit sou wonderlik wees, want daardie outjie gaan in elk geval 'n spraakterapeut kry, dat die spraakterapeut ook bietjie invoeging kom lewer oor watter woorde die kind nou al baasraak dat daar meer kontak is .... ek weet nie hoe het julle dit al ervaar nie?

1: Ek het nogal gevoel ..... het nie meer so baie gekry nie want sy het dit nie nodig gehad nie, so ek kan nie praat uit ondervinding nie, maar ek persoonlik dink hier reg oorkant die universiteit, daar is baie 4de jaars wat ongelooflik baie ..... en 'n 4de jaar spraakterapeut of arbeidsterapeut wat nou vir kinders help met probleme, doen baie beter as wat ek nou doen. Regtig, daar is nou 'n arbeidsterapeut student in haar 4de jaar wat 'n kind met probleme help en dis wonderlik.

4: Dan gee jy nie eens om as die kind uit die klas gehaal word nie.

1: Glad nie. En sy kom getrou en sy doen dit, so mens kan miskien die studente se praktiese sy daarvan baie gebruik. En die studente wat vir my help nou is nie 1ste jaars of ..... dis mense wat nagraads is selfs ..... kan ongelooflike insette lewer as dit deel van hul opleiding is.

**F: Wat kan julle dink i.t.v. .... (onhoorbare opmerking)**

4: Dit gaan oor tyd.

1: Ek het werklik nie tyd hierdie week om met hierdie ou te sit en dan die volgende dag met die ander ou .....

**F: Wat van een maal 'n kwartaal .....? Wat beoog ons om hierdie kwartaal...?**

1: Maar dit het ook ondervind met ook, met haar spraakterapeut ..... dit was vir my waardevol dat die mamma was daar, ek was daar en sy was daar. Die dokter was ook eenmaal daar .....

**F: Almal wat betrokke is .....**

1: Dit het baie gehelp. Al het jy nie 'n probleem nie, dan weet die ander jy het nie 'n probleem nie.

**F: Enige iets anders wat julle dink in ons konteks.... ?**

1: Dit is ook belangrik in so klas ... dat so kind dra mos meer gewig as 'n gewone kind. Vir die skool ook. M.a.w. as ek ..... dit werk so volgens die departement ..... as ek 20 kinders in my klas het en een is 'n gestremde een dan tel dit asof ek 25 kinders in die klas het en my buurvrou wat nie 'n gestremde het nie, het fisies 25 kinders. Ek dink amper dis 'n gewig van 5, ek praat onder korreksie. Maar dit help tog definitief want daardie kind het meer tyd nodig. Dit tel vir die skool ook. As die skool 400 kinders het maar 10 is gestremd, dan tel dit vir 450 kinders en dit help met poste toekenning ..... so daardie kinders dra meer gewig en dit help.

**F: Wat jy nou gesê het van die eerstetaal onderrig .....**

1: Ek het gereeld werkswinkels bygewoon toe ..... nog by my was en ek het agtergekom .... ek weet nie of ek nou op tone trap nie .... vir party mense is gebaretaal 'n teer saak. Hulle wil hê hulle kinders moet dit doen.....

**F: Dis deel van hul dowe kultuur .....**

1: Dis reg. Hulle het gesê jy kan dit nie wegvat nie. Hulle wil hê hulle kinders moet kan gebaretaal praat. Nou kan jy dink as jy vir die juffrou sê sy moet gaan gebaretaal leer .... ek sien nie kans nie.

**F: En hulle kom terug na die sisteem. Of 'n kind nou daar instap met 'n gehoorapparaat of gebaretaal praat, jy moet hom kan akkomodeer.**

4: Jy gaan die kinders ook moet leer gebare taal praat want hulle moet ook met daardie outjie kan kommunikeer.

**F: Dis 'n hele dimensie .... ek wou net graag weet wat is julle opinie van gebaretaal.**

- 1: Ag weet jy, ek is jammer maar ek sien nie nog daarvoor ook kans nie. Ek het genoeg en doen na die beste van my vermoë. Ek sien nie nog daarvoor ook kans nie.
- 3: As jy nou nog die alfabet moet aanleer .....
- 2: Ek weet toe ek nog die VDO diploma aangebied het..... het ek baie met onderwysers gewerk wat in skole vir dowes was waar hulle net met gebaretaal kommunikeer en 'n voltydse ondersteuner sal dan 'n voltydse interpreteerder moet wees om die kind te help.
- 1: Maar dit maak sin. As ek so kind het en jy doen heelyd die gebaretaal ..... ek het nie 'n probleem daarmee nie. Om vir my te sê gaan leer gebaretaal aan is so goed om vir my te sê gaan leer Frans aan. Ek is nie bereid om gebaretaal te gaan aanleer vir een kind in 10 jaar nie. Net so min as wat ek bereid is om te gaan Sotho-taal aanleer vir een kind in 10 jaar wat nie kan Afrikaans praat nie. Ek weet dit is landwet maar ek persoonlik is nie *all for inclusion* nie. Daar is 'n paar .....
- 2: Deel van die groot vraag daar vir my is die druk wat al klaar op onderwysers is. Die feit dat hulle met groot groepe moet werk, dat hulle met kinders moet werk wat se moedertaal ver verwyderd is van die onderrigtaal en dan die voortdurende veranderinge wat in die onderwys self plaasvind .... die kurrikulum 2005 ens. .... Ek dink onderwysers het in elk geval te veel .... en dit word net vir my meer. Die algemene gevoel is dit maak dit net nog moeiliker om met 'n kind wat spesiale behoeftes het te werk.

**F: Wat sou julle beskou as die belangrikste aspek wat aangespreek moet word?**

- 1: Kyk, die wet sê hy kan gaan, so jy kan nie 'n kriteria stel nie. As daardie kind sê hy wil daar wees dan moet hy.

**F: Ek probeer dit nou vir julle uitmaak dat daar sal 'n mate van .... wees.**

- 1: Nee, maar daar is nie. Ek praat uit ondervinding, daar is geen manier hoe jy so 'n kind kan weier nie. As daardie ouer aandring dat hy daar moet wees, dan kan jy nie weier nie. Jy kan vergaderings hou en verslae opstel .... selfs verslae van ouers wat sê ek weier dat my kind nog 'n jaar saam met daardie kind in 'n klas is omdat daardie kind baie meer verg as al die kinders saam, word my kind benadeel. Ek het ook 'n reg. Niks van dit help nie. As daardie ouer sê my kind is in daardie skool, moet jy daardie kind akkomodeer.

**F: Wat dink jy is die belangrikste aspek wat aangespreek moet word?**

- 1: Die kennis help jou nie as daardie kind se ouer nie ..... hoe kan ek dit sê..... die kind se ondersteuningsbasis moet reg wees. Ek bedoel ek kan al die kennis hê wat ek wil oor 'n aspek oor 'n kind ..... as daardie ouer nie aanvaar dat daardie kind probleme het nie, gaan hy definitief die onderwyser die heelyd aanvat, of die onderwyser die heelyd by die inspekteur aangee, want daardie ouer, as hy nog nie aanvaar het sy kind het 'n probleem en gaan nie dieselfde doen as die ander kinders nie .....

**F: So jy wil vooraf vir die ouers .....**

- 1: Verseker ....

**F: So jy moet realistiese ouers hê?**

- 1: En hoe groter die kind se probleem ..... dikwels hoe minder realisties is die ouers.
- 4: Dit geld omtrend vir al die ouers wat probleemkinders het.
- 1: Maar ek sê mos. Hoe groter die kind se probleem, hoe minder realisties is die ouers.

**F: 'n Belangrike aspek het julle gesê is ondersteuning.**

- 2: Dit is vir my ook belangrik dat êrens moet daardie onderwyser ook 'n ondersteuningsstruktuur hê, hetsy dit van 'n proffesionele persoon is of hetsy dit van mede onderwysers is of iemand wat al 'n soortgelyke pad gestap het ..... lewers moet daardie onderwyser 'n mens hê met wie hy 'n vertrouensverhouding het .....
- 1: Op 'n gereelde basis .....
- 4: Ek dink nou bv. aan jou en my ..... ons het net aangegaan na die volgende jaar toe. My Gr eentjies was weer by my en jy't ook net aangegaan. Daar was nie rêrig ook tyd nie, dit sal moet 'n vaste ding wees want ek kon vir haar gehelp het maar daar gaan dit oor tyd.
- 1: Jy is so besig met jou nuwe Gr eens, jy het nie tyd nie.
- 4: ..... behalwe as dit iets is wat van die hoof af deurkom .....
- 1: Maar jy het nie tyd daarvoor nie. Weet jy in die praktyk .... die oomblik toe ..... weg is kan ek nie nog ..... se juffrou gaan .... as sy my kom vra het *fine*, maar ..... het nou nie baie probleme gehad nie. Maar 'n kind wat nou die volgende jaar baie probleme .... het geweldig baie probleme gehad maar ek was te dankie bly oor ..... wat moes aanskuif dat ek hierdie nuwe probleme weer kan hanteer .... want ek kan nie nog vir ..... help en die klomp nuwes wat bykom ... volgende jaar nog vir ..... gaan help plus hierdie wat ek nog gehad het daar gaan help plus die nuwes wat ek kry .... dit kan net nie.
- 2: Sien ... as ek by 'n gewone skool aankom .... die spoed waarteen alles net aangaan het my absoluut gepootjie. Dit gaan rereg net so in 'n skool. Dis anders in 'n gestremde of .....
- 1: Ouers is vir my 'n belangrike punt hoor. Ek moet net sê sodra die ouer besef sy kind het bepaalde ... wat ookal die probleem is en dat mens regtig .... uit onderwysers oogpunt wil ek net vir jou sê as ek skoolhou word daar van my verwag om sowaar goed skool te hou. Maar ek is nie 'n netbalspeler nie maar ek moet baie goed netbal afrig want as ek nie baie goed afrig en my netbalspan doen nie baie goed nie is dit maar hoor hier .... eintlik is ek nie opgelei vir 'n netbaljuffrou nie maar ek moet die netbal so afrig dat hulle nog wen ook. Insussen rig ek die tennis ook nog af. Maar ek moet die tennis so afrig dat hulle darem wen. Intussen moet alles wat bykom soos wat jy gesê het moet so gedoen word... ek kan nie my netbal net afrig met die beste wat ek kan nie. Ek moet so vir myself verbeter dat my netbal die wyk kan wen want anders word daar gevra maar hoe kan daardie skool jou wen? Jy moet bietjie meer .... en die ouers verwag van jou dat jy 'n goeie netbaljuffrou moet wees en hulle verwag van jou dat jy 'n goeie tennisjuffrou moet wees en hulle verwag dat jy 'n goeie klasjuffrou moet wees en hulle verwag van jou dat jy 'n goeie konsert moet afrig né. Onthou jou konsert kan nie afsteek by die ander konsert nie. Hulle verwag van jou dat ..... alles wat jy doen verwag hulle van jou goed. Nou moet jy nog 'n goeie *inclusion* juffrou ook wees. En jy moet goed goed wees want anders.... wat nou? So al die verwagtinge ..... die eise is net baie om nou nog ekstra eise te gaan opsit wat nie *Mickey Mouse* vereiste is nie. Dis nie asof jy sê hoor hierso ... doen net gou-gou dit dan gaan jy dit goed kan doen nie. Om al hierdie goed te kan goed doen is nie sommer net 'n kursussie op 'n Saterdagoggend of ietsie nie .... dis baie gevra. Dit is nie sommer jy moet dit en dit en dit kan doen en dan sal jy 'n goeie *inclusion* juffrou wees nie. Daar sal 'n paar goed wees wat jy moet kan doen en dit is baie gevra.
- 2: Mens sal amper moet gaan kyk na die waardes wat ..... in terme van Onderwys en opleiding. Solank as wat die waardes se gewig is soos wat dit op die oomblik is, is *inclusion* amper die laaste ding wat die juffrou se rug gaan breek. Maar as mens ander waardes begin aanhang in opvoeding in onderrig, dan mag daar dalk 'n klemverskuiwing wees t.o.v. tyd wat aan gestremdes ....

- 1: M.a.w. jy sê ... jy het 'n kind wat probleme het en ekstra tyd verg, so jy hoef nie netbal te doen nie. Dat daar gewigverplasing is né? Dat dit 'n tydgewig dra m.a.w. dat as jy so kind het dan moet jy op ander plekke gespaar word want daardie kind gaan soveel tyd van jou vat.... Mens moet beseef dat dit regtig 'n groot taak is om ... nie met iemand soos ..... nie want dit het niks ekstra van my gevat nie, en die bietjie ekstra wat dit gevat het doen ek in my *stride*.
- 4: As ek nou dink aan ..... dit gaan nou dalk heel teen dit in maar ek het die basiese kennis gehad as juffrou en vir my was ..... erg, maar hy was niks erger as 'n gedragsprobleem kind wat uit 'n emosionele ontwigte huis uitkom nie..... en ek dink dis dalk die verskil tussen my en haar so dit is vir my verskriklik belangrik dat juffrou dan net die basiese kennis .....
- 4: Want jy moet in elkgeval die ander .... jy het verskriklik baie klasse.....
- 1: Maar jy moet die kennis hê. Kyk, jy sien kans om vir ..... te help want jy het die kennis. Jy weet wat om te doen en waarna om te kyk. Ek sien kans om 'n kind met gedragsprobleme te help want ek weet hoe. Ek sien 'n kind met bepaalde leerprobleme binne bepaalde konteks..... maar ek weet nie hoe om 'n dowe kind te help nie so hoe gaan ek daardie kind help as ek nie weet hoe nie? En dis ongelukkig dink ek .... dis nie sommer net vir 1 dag of 2 dae of 3 dae opleiding en dan gaan jy 'n kind kan help nie. Jy sal moet .....

**F: Enigsens iets wat julle dink .....( samevatting en bedanking)**

## Focusgroup Discussion - Parents

**F: Wat geniet jy die meeste van jou kind op hierdie oomblik, op hierdie stadium?**

M: Gaan ons so in sirkels praat?

**F: Nee ons hoef nie, ons praat sommer net lekker. En ek dink nie ons moet afwag vir beurte nie. Dit moet sommer net 'n lekker gesprek wees.**

T: Wat ek van ..... baie geniet is, hy is net soos my ander twee kinders en dit is vir my wonderlik. Hy's baie gebalanseerd en 'n gelukkige kind, neem deel aan alles. Hy gaan sit nie spesifiek iewers en sê hy't 'n inplanting gehad- nooit nie. Dit is vir my wonderlik. Hy's soos die ander twee- intedeel, soms meer gelukkig. Hy's 'n gelukkige kind, op alle gebiede.

M: Ek dink ek deel wat jy sê. Ek dink dis baie dieselfde. Ons praat self baie keer onder mekaar. En dis asof sy toenadering tot ons...hy waardering het wat vir hom gedoen word.

C: Dis baie soos wat ..... ook sê. .... geniet die meeste om aan alles deel te neem. Ek weet nooit waarvan hou sy die meeste nie. Veral in haar tweede jaar in skool, byvoorbeeld met die verspring- die juffrou het haar kans gegee, al was sy heel laaste. Maar sy het dit baie geniet- sy geniet alles- jy weet nooit waarvan hou sy die meeste nie. Die dag wat vir my baie lekker was, die dag toe sy soos al die ander kinders van haar ouderdom Britney Spears se CD gekoop het. Dit was vir my baie wonderlik. Ek het nooit gedink... Ek onthou baie goed die dag wat sy gediagnoseer is, het Prof. Hugo my gebel die aand en toe vra ek vir haar dat ek skielik nie meer vir my kind kan sing nie- sy is dan doof en die dag moes ek eers haar pa bel en sê- ..... wil hierdie tape koop en ek ken gladnie die vrou nie, moet ek dit vir haar koop? Want ek weet of sy goed of nie goed is nie, maar wat vir my wonderlik is, is dat sy net soos die ander kinders is en sy geniet dit. Of sy alles verstaan wat op die CD is, glo ek nie, maar sy geniet dit.

G: Ek dink ..... se humorsin en haar terggees. Sy kan vreeslik terg en alhoewel ek dit nie altyd agterkom nie, kan ek myself vreeslik vererg. Ek is nie lus vir grappies nie en dan op haar manier en op haar jong ouderdom maak sy dan die grappies. Om haar te hoor lag as sy televisie kyk- daai uit die maag uit lag. Ons lê in die kamer of ons is iewers anders in die huis besig en dan sit sy op haar eie en televisie kyk, en dan breek sy haar heeltemal daar voor die televisie dat ek dink die bure kan hoor hoe lag sy.

C: Ek wil by hom aansluit om te sê- hy het 3 aande uitgeslaap en hy sê toe vir haar: "Jy moet mooi kyk na Mamma" (dat ek nie 'n lae bloedsuiker kry nie). Sy sê toe vir hom: "Ek gaan nie, want hier's nie sjokolade in die huis nie!" Jy weet dit was vir my baie mooi dat sy dit in so 'n mooi sin vir humor gesê het.

**F: Goed ek wil graag nou gaan tot 'n meer inleidende vraag. As u die term insluitende of inklusiewe onderwys hoor, waaraan dink u (net kortliks)?**

M: Kan ek nou vra- in terme van die gehoorgestremde?

**F: Ja, kom ons fokus op die kind met gehoorverlies.**

M: Ek sal wegspring. Ek sien 'n sisteem waar die kind in 'n hoofstroom skool is, waar daar spesiale aandag gegee moet word aan die onderwysers of tot op 'n beperkte vlak om hulle in te trek en hulle inkoop te kry - dis die geheim. Die onderwyser of onderwyseres moet net inkoop kry. As hulle dit het, met die bietjie kennis, dan leer hulle hulleself. Ons vind dat die kinders, ons kind, vroeg in die jaar meer sukkel as later in die jaar wanneer die onderwyser en die kind mekaar gevind het en dan sien ek ook as 'n derde punt 'n baie betrokke ouer. Daarsonder is dit normaalweg as 'n reël nie moontlik vir 'n kind om dit te maak nie.

**F: Iets wat iemand anders wil byvoeg?**

T: Wat ek hier kan byvoeg is wat ek hier presies ervaar, ek weet nie of dit jou vraag gaan antwoord nie. Wat ..... sê is baie waar- hier aan die begin van die jaar los ek hulle eers so 'n rukkie. Dat hulle kom en vra waarmee hulle sukkel- voor jy dan nou ook iemand bombardeer. Daarna loop dit eintlik baie goed.

G: As jy nou die vraag van insluitende onderrig vra- is dit nou om die dowe kind, of die gehoorgestremde of die koglea dan nou spesifiek in die hoofstroom te akkommoder?

**F: Ja, dit is die term wat hulle dan nou meer algemeen gebruik- hulle praat van 'inclusion' en ons vertaal dit dan nou as inklusie of andersins dan nou insluitende onderrig.**

G: Ek dink miskien kyk ek nou bietjie wyer as wat ..... gekyk het, en stem met hom heeltemal saam- dis die aanvaarbaarheid van 'n gestremde of gehoorgestremde kind, ek kyk nou na .....- ..... is bewus by almal, almal ken vir ....., en dis nou ..... se pa wat vanmiddag hier aangekom het. Dit gaan ook miskien of 'n gehoorgestremde kind (ongeag of hy 'n koglea implanting of gehoorgestremde kind), meer geakkommodeer kan word in die hoofstroom, gaan jy daardie gaping tussen 'n gehoorgestremde wat, kom ons sê nou maar... My seining is dat mense wat doof is- kinders wat doof is, of volwassenes wat doof is het meer as net 'n dowe probleem, ek dink dis miskien as gevolg van sy agtergrond / waar hy grootgeword het, hy het miskien geïsoleerd grootgeword en ons het nie geleer om daai interaksie met hom te hê nie. As daar 'n nouer interaksie met mekaar is, dan gaan daar 'n meer aanvaarbaarheid wees; aanvaarding wees en 'n meer aanpasbaarheid.

C: Probeer jy sê dat die dowes is, as jy altyd teëgekom het met 'n dowe, dat jy nie probeer het om met hom te praat nie?

G: In die eerste plek, ek weet hoe om dit te hanteer nie en die ander geval is, hulle houding van 'n ding moet nou gedoen word of ek wil dit nou gedoen hê.

T: O, die ongeduld?

G: Ja, die ongeduld. Daar's nie kans vir wag nie. Terwyl as hy in 'n normale of hoofstroom, sal hulle geakkommodeer word en sal hulle van kleintyd af, ek wil amper sê normale norme aanleer- van wag, ons gaan dit nie nou doen nie, ons gaan dit later doen. Ek weet nie, dis my gevoel.

T: Ek dink dit kom maar by enige ander kind in- dis deel van dissipline. Dat 'n kind moet leer: nie nou nie, wag tot jy by die huis kom. Ek dink ook wat ..... probeer sê het- dit hang ook af van hoe beperk die kind se taal nog is. Daai frustrasie.

G: Ja, ek praat nie noodwendig van die koglea nie, maar die gehoorgestremd. Sy taal, en nou gaan hy na 'n skool toe waar daar grootliks gebare taal gepraat word en dan dink ek tog- jy kan die kind met die gebare taal nogsteeds in 'n hoofstroom akkommodeer, laat hy byvoorbeeld sekere klasse (bv. Kuns of wat ook al) kan hy (en pouses) kan hy met horendes assosieër.

M: Ek wil by ..... aansluit, wat ek daarby wil sê: die verskil tussen die insluitende onderwys en die ander onderwysstels by die gehoorgestremde, is dat die insluitende onderwys help ons kinders om vroeg in 'n normale samelewing blootgestel te word en en te funksioneer binne daardie samelewing en ek dink vir ons (ek wil jou baie sterk ondersteun daarin). Dit is baie belangrik. Dit kan tot 'n mate (sukses is moeilik om te definieër) 'n persoon wat uit sy/haar skoolloopbaan uit kom, meer selfvertroue het om die lewe in te gaan soos wat enige van die ander kinders wat die lewe horend ingaan.

T: Ek dink dit groei ook van kleins af. As 'n kind goeie selfvertroue het, kan hy berge versit. Waar daar gediskrimineer word teen so 'n kind- dit dan die res van sy lewe vernietig, veral op skool, want kinders kan wreed wees. Kinders is kinders en hulle kritiseer baie maklik sodra daar 'n gestremde is. Daar is dalk 'n gebrek aan opvoeding ook tussen kinders.

**F: Ek moet sê ek dink julle as ouers gee geweldige steun aan julle kinders. 'n Kind moet 'n baie sterk basis hê waarvandaan hulle kan werk om daardie wêreld te betree. Ek dink naas sekuriteit moet die kind vrymoedigheid kan hê... Goed, is daar nog iets wat julle daarvoor wil sê. Nou gaan ek vra die oomblik toe julle vir ..... / ..... geplaas het in die gewone skool (net so kortliks), wat was julle gevoelens?**

T: Kan ek afspring? Weet jy, ....., vir ons was dit die geval, ons het uit die Kaap uit aansoek gedoen vir ..... en baie mense het daai tyd gedink (omdat dit so gesloer het en gesloer het en gesloer het), hulle hou ons aan in lyntjie. Maar die skool het gebid en hulle was regtig hard en siel oortuig- hulle wou seker gemaak het dat hulle kan hierdie kind akkommodeer. Dit sluit nou eintlik aan by vraag nr. 1, wat hulle in daardie vergaderings bespreek het sal ek vandag nog nie weet nie, maar die dag toe hulle hom aanvaar het was ek oortuig en hulle het vir my gesê dit was die rede hoekom dit so gesloer het. Hulle wou seker maak- is ons toegerus vir hierdie kind, sien ons kans? Niemand het geweet waaroor 'n kogleêre implanting gaan nie, hy was die eerste kind op daardie stadium- so hulle het regtig nie geweet nie. Maar toe ek hom die eerste dag vat was ek in trane en het ek gewonder, tot ek op 'n dag besef het, ek moet ophou om bekommerd te wees, ek het tot vandag toe nog nooit negatiewe nuus, ek kry net uitstekende resultate (van die personeel en van die hoof se kant af), daar was nog nooit 'n negatiewe klag van dissipline of huiswerk of swak werk nie. Hy gaan bogemiddeld aan. So, maar mens is bekommerd aan die begin, want jy weet hulle mis 'n deel- want dit is elektroniese klank. Hulle mis 'n deel van die ding. Maar as jy weet jy's 'n ouer en jy weet jy gaan in-zoom en jy weet jy maak kontak met die onderwyseres en jy kommunikeer met hom elke dag en maak seker jy kry die maksimum uit hom uit, leer hy later, ek meen hy kom al huistoe en hy weet wat gebeur oor 'n week. Ek hoef hom aan niks meer te herhinner byvoorbeeld nie. En dit is vir my fantasties, waar ek my normale kinders soms moet herhinner (my horende kinders) aan sekere goed. So hy't eintlik 'n groot voordeel op daardie gebied.

M: Ek gaan bietjie meer negatief wees as ..... Ek dink ..... het, veral sy as ma, het deur 'n baie moeilike tyd gegaan, die eerste jaar. Die tweede jaar bietjie minder, die derde jaar nog so minder en ek dink dit gaan elke jaar beter. Maar ek dink beslis die eerste jaar het dit gegaan selfs van dag tot dag nie eers week tot week nie. En ek dink nie dit was so maklik as wat ..... nou dink dit was nie. Miskien... Dis my persepsie, hoe ek dit sien.

T: Kan jou net gou-gou hier stop. Wat ..... hier sê is- twee argumente: hy was 'n grensgeval wat sy taal aanbetref, en dit was vir my ook, dit was vir my ook 'n bekommernis. Dat hy nie homself nie kan... Sy taal was alles behalwe vlot op daardie stadium. Maar ek het geweet dat sy brein is so normaal- bo-gemiddeld. En dit is wat vir my gesê het, hierdie kind GAAN hoofstroom en hy GAAN anderkant uitkom. Gooi hom aan die diepkant in; hy gaan swem. Hy swem. Ekskuus, nou kan jy aangaan.

C: ..... moet onthou: weet jy, ..... moes van Afrikaans, doof, doof, Engels gaan. Ek dink dit is baie moeilik. Verstaan jy? Hy was 'n Afrikaanse baba wat 'n klank gehoor het, en toe hy't doof geword en toe het julle besluit om Engels toe te gaan. So, ek dink dit is moeilik.

T: Ekskuus, jy kan aangaan, ek het jou net-nou lelik in die rede geval.

M: Ek was klaar gewees.

C: Jou vraag- hoe ervaar jy die eerste dag as jy jou kind hoofstroom toe stuur. Myne het in graad 0 begin. Die dag toe ek die hoof gaan vra het met 'n baie oulik juffrou. Ek het altyd die oulikste juffrouens en oulikste spraakterapeute en die oulikste voorbereiding vir die operasie, endie oulikste skool ook. En sy het in graad 0 begin in die hoofstroom. Wat ek wel gemis het, is ons was baie handgebaar georiënteerd en in Transoranje was jy baie bederf met jou boekie. Jy skryf vir die juffrou en die juffrou kyk elke dag in die boek. In die hoofstroom is dit van- daar's 26 kinders in die klas; sy het nie tyd vir 'n boekie nie. Maar dit is so, dis spanningsvol, want die eerste keer het ek in my 21 jaarse beroepswerk, laat gekom by die werk, want ..... het voor die klas gestaan totdat die juffrou kom, totdat die maatjies kom. So, ek het laat gekom vir die eerste keer in my loopbaan. Wat vir my bietjie erg was. Want jy is hierdie pligsgetrou en nou huil jou kind want jy wil loop sy is in die hoofstroom. MAAR dit het



elke dag net beter gegaan- dit is beslis so. Wat sy wel gemis het- die eerste jaar het die meneer oor die interkom gesê- “Môre trek julle rooi klere aan, want dis Valentynsdag”. Die volgende oggend kom ons by die skool en ..... is in trane, want sy weet nie hoekom het die kinders hierdie privaat klere aan. Gelukkig was die pa geduldig genoeg om huistoe te gaan, die skooluniform te kry, die kind skooltoe te stuur met rooi klere en nie met haar uniform nie. Die tweede jaar het sy die boodskap gemis (toe was sy graad 1). “Môre verjaar die hoof, julle kan gewone klere aantrek.” Maar dit is weer oor die interkom gesê. So, maar die positieweit daarvan, sy het geleer om te luister as daar afgekondig word en dan hoor sy nie wat gesê word nie, maar sy vra die maatjie. So sy het verantwoordelikheid geleer om te vra. Die heel eerste jaar (graad 0) het sy snoepie geld gekry. Toe het sy geken van swart koeldrank koop. En die juffrou het nie verstaan wat se swart koeldrank wil hierdie kind koop nie en die maatjies het haar aangekyk. Maar daardie selfde middag het sy vir my gesê ons moet by die winkel koeldrank koop- sy wil dit môre skooltoe vat. En oupa het nog gelewe en toe sê hy ek gaan vir jou snoepie geld gee dan koop jy môre by die skool. Toe verduidelik sy vir oupa (en sy huil), sy wil nie, sy wil by die winkel gaan koeldrank koop. Na ‘n lang gesukkel kom ons agter maar dis die probleem: sy weet nie hoe om te sê Coke of Tab nie. Sy ken net swart koeldrank sonder suiker. So, en dit is weer positief, sy het weer geleer, maar nou het koeldrank verskillende soorte name- dis Coke of Tab of Fanta of wat ookal. Maar, elke termyn was hierdie moeder baie stressvol, want dis nuwe juffrouens; dis weer ‘n nuwe jaar; dis... So ek was maar... Verlede jaar se eerste termyn was vir my baie stressvol, want toe het sy begin met eksamen en klasse wissel. Het jy dit ook so ervaar?

M: Hierdie jaar, ja.

C: Ja. Ons het verlede jaar begin met klasse wissel en eksamen skryf en... Maar dit gaan beslis goed, want sy het 70 gekry verlede jaar se eindeksamen vir Afrikaans, 49 vir Wetenskap, die ander is alles in die 50's. Daar's een vak, 73. Hierdie jaar... ek voel eintlik jammer vir haar, want daai vals en waar- dit klink vir my as hulle die... jy vra die vraag reg, dan is die dubbel “nie” daar, dan dink sy maar dit is vals, want vals beteken dis verkeerd en die dubbel “nie” sê vir haar dis verkeerd. Maar eintlik is die sin reg gestel- dit is waar. Maar dan daai dubbel “nie” verwar haar en dan ken sy die inhoud van die werk, maar die manier waarop dit gevra word, gee dan vir haar 31 uit 50 of so iets. Maar sy het nou 65 gekry vir Afrikaans. So, dit is weer ‘n bewys, sy moet in die hoofstroom bly- sy kan. Sy moet net ‘n ander leerstyl of vraagstyl... ek, ek kan nie probleem “point” nie. Of dit, of dit... sy beperk word in die vraagsin en of sy beperk word in die hoeveelheid woorde wat daar in ‘n sin...ek weet nie.

***F: Hou dit bietjie in gedagte, ons kom nog daarby. Goed, dan gaan ek oorgaan na die sleutelvrae wat eintlik die groot vrae is waarop ons gaan fokus vanaand. Wat sou julle beskou as die behoeftes van ‘n kind met ‘n gehoorverlies in die gewone klaskamer, die klaskamer vir normaal horendes. Wat is dan die kind se behoefte in daai spesifieke klaskamer- as hy in ‘n klaskamer geplaas word saam met normaal horendes?***

C: Ek kan begin deur te sê dat daar moet definitief soos, hy moet ‘n... daar moet ‘n baie goeie ouer-onderwyser verhouding wees; in die sin van, as jy op ‘n probleem kom, moet jy die juffrou kan kontak en kan sê: “Hoor hier, dit is my probleem.” Of jy dit deur die spraakterapeut doen, maar daar moet ‘n goeie, oop kommunikasie wees. Soos ek sê, want jy weet nie waar lê die probleem nie. Ek wil nie weer hoor: “..... sukkel met Wiskunde nie.” Ek wil hoor: wat doen ons daaromtrent dat sy nog sukkel om tyd soos 16:00- wat is dit: voormiddag?, namiddag?, is dit 4 uur?, is dit 3 uur? 16h30 skryf sy half-drie in plaas van half-vier of half-vyf. Jy weet, so, daar moet oop kommunikasie wees. Dat jy die juffrou kan bel en sê: “Dit is die probleem; wat doen ons om haar te help?” Dit is die een behoefte of moet. Die ander ding is dat die juffrou moet weet, soos ....., weet jy, ek voel eintlik jammer vir haar. Sy ken môre se werk, maar môre gaan sy 3 uit 20 kry, want die vrae word anders gevra as wat ek en sy dit geleer het. En dan kom sy in die klas en dan kry sy 3 uit 10. Sy bid nou al in die aand: “Ag Here, moet nie “worry” as ek net 6 uit 10 kry of 6 uit 20 kry nie- ek het ten minste probeer.” Jy weet? Verstaan jy? Dit is vir my ‘n jammerte dat sy so moet sukkel, terwyl sy die kennis het van die vak, maar nou word dit anders gevra. Soos Engels doen sy nou eintlik vir my beter as Afrikaans, want dis nou nog bietjie lae vlak. Sy moet net invuF: is dit: “am, is or are”? En dan weet sy: “I am, the rest...” En nou weet sy: is dit “will or shall”?

"I and we shall all the others will", of wat ook al. Jy **weet, so, dit is vir haar nou maklik.** Maar sodra sy dit in 'n sin moet begin skryf, dan skryf sy: "Gee vir my is 'n die rooi appel."

T: Verstaan jy nou reg, dit gaan oor die wyse van assessering. Die wyse van evaluasie.

C: Ja, ja.

G: Ek dink, ek dink wat... onderwysers moet dalk net ook besef, die beperkings van die dowe kind, deurdat die dowe kind... haar posisionering in die klas. Dit het ons aan die begin redelik vinnig reggestel. Sy het aan die begin agter gesit, toe sit ons haar heel voor. En dan die ander ding is, wat hier kan byvoeg by .... is, - besef hulle beperkende woordeskat. Ek het verlede jaar regtig erg ervaar as ons vir ..... leer (..... vir ..... leer) dan ken sy die antwoord. Die oomblik wat sy die toets skryf, dan skryf sy 'n totale "stupid" ding of sy los hom oop. Dan kom jy agter, maar die...dan vra jy vir haar dieselfde vraag na die tyd, op 'n ander manier, dan antwoord sy hom vir jou. En ons was by die hoof gewees en ek het vir haar gesê, as ..... die vraag nie verstaan nie, kan sy vir jou vra. Dat die onderwyser die vraag net andersins stel. In terme van 'n sinoniem. Ek meen van klimaat- kan ons eerder sê: wat is die hitte vandag, wat is die temperatuur? Kan ons sê: wat is die, wat is die hitte vandag? Ek kan nie nou aan 'n voorbeeld dink spesifiek wat ons daai tyd gehad het nie. En die hoof (ja, dis nou die hoof) het gesê daar is nie 'n probleem nie. Maar die kind moet die vrymoedigheid dan hê en die kind het nie vrymoedigheid om dit te doen nie, te sê: "Ek verstaan nie die vraag nie." Dat die onderwyser dit dan net vir haar in 'n dood-eenvoudige...

C: Maar jy sien dit is nie toelaatbaar nie, want...

G: Dit is toelaatbaar...

C: ...dit is ons keuse om ons kind in daai hoofstroom te sit en sy moes die verskillende terme dan nou alreeds by die huis... As sy by die huis 'n stuk het om te leer, en sy verstaan nie daai woord nie, moet sy daar al 'n sinoniem vir die woord gekry het. Dit was die antwoord.

**F: Wat sou julle daarvan sê?**

M: ..... het presies dieselfde probleem. .... het 'n beperkte woordeskat, en hy verstaan die werk en hy kan baie beter vaar in sy eksamens as die vrae op 'n ander manier gevra was of as daar twee of drie sinonieme was waarvan hy een kon kies. Hy sal een van die drie miskien kon herken het, maar een van die ander twee word gebruik in die sin om 'n werkwoord of 'n naamwoord te beskrywe en as gevolg daarvan verstaan hy nie, omdat hy daai een woord nie verstaan nie. Ek het vandag vir hom gevra, toe praat ek... ons praat oor die oorlog, die "pending war" (ek weet nie of hy nou begin het nie, dis nou amper 48 uur). Toe sê ek vir hom "terrorist", en daarna dink ek vir myself, (ons is mos nou al ingestel)... "..... do you know what is a terrorist?" "No, Daddy." So, en ander kinders op sy ouderdom weet wat is 'n terroris. Maar hy, hy, hy het daai woord al gehad. En toe ek so begin sê, toe sê hy "O, yes!", daar is "computer games" met "terrorists / army" / ietsie. Nou weet hy, hy't iets van "terrorist" gelees daar op die skerm van die "computer".

G: Ek kan nou spesifiek daai woord onthou- dit was met die Boesmans gewees. Wat se voedsel eet die Boesmans?

C: O, voedsel is kos en sy weet nie wat is voedsel nie

G: Vra vir haar by die huis, wat se kos eet die Boesmans, dan kan sy vir jou presies sê. Nou kom dit in die eksamen of die toets en dan sê hulle watse voedsel en dan weet sy nie wat dit is nie. Ek meen, niemand by die huis praat: "Hoor hier, kom eet jou voedsel" nie, ons sê: "Kom eet jou kos".

M: Dit is die grootste fundamentele probleem met ..... op skool- hierdie een wat ..... nou genoem het. Maar daar is miskien nog so 'n paar behoeftes, as ek dit ook kan noem?

**F: Ja, asseblief.**

M: Dit is belangrik dat daar (omdat die samewerking so belangrik is) met so 'n bietjie 'coaching' van die onderwyeres / onderwyser se kant af, dat daar 'n maatjie is wat so bietjie aandag gee.

G: Hmmm.

T: Die "Buddy"-sisteem.

M: Ja. Die maat help baie keer, soos wat Cecile genoem het, van die interkom (ons het nou nie interkom by die skool nie), maar daai rol en baie ander rolle word deur so 'n maat vervul in die klas. En dis gewoonlik net bepaalde kinders in die klas, wat daai rol kan vervul. Nie almal nie en die onderwyeres moet die oordeel aan die dag kan lê, om die regte kind te kies. Sy kan hulle roteer- daar's miskien vyf van hulle in die klas. Om langs, om langs die gehoorgestremde te sit. Net nog een ander ding vinnig is, ek dink dis ook baie belangrik dat die onder..., dat die ouer net, dat die ouer nie net na die onderwyser toe reageer nie, maar mens moet dit... met die verhouding wat jy opbou met die onderwyser, is dit baie belangrik dat die onderwyser, (want hulle tel dit op voor ons- op sekere goed), 50% van die kere. Dat hulle met die ouer ook kommunikeer. So dan, dit moet twee-rigting wees. Dis baie belangrik dat die onderwyser ook jou telefoonnommer het, jou kan bel as daar iets is wat, wat die ouer kan doen om die onderwyser mee te help.

C: Maar nou is jy verleë, (ekskuus .....), jy kan nie verwag dat die juffrou in jou kind se boekie moet skryf nie. Want, dit is so... daar's 32 kinders in die klas, so..., jy weet, jy bly maar stil en...

T: Ekskuus, daar dink ek dat jy regtig dit van haar kan verwag. Sy is die enigste gehoorgestremde in daai klas.

C: Ja, maar dit was my keuse.

T: Maak nie saak nie. Ek dink regtig sy sal nie omgee, as daar goetertjies is. Hulle ontgroeï baie van daai goed. Hierdie taal goeters ook. Daar's goed wat hulle rêrig op 'n stadium, hulle kom net meer en meer en meer by. Maar ek stem saam, hulle verloor baie punte. Dan ken hy daai werk op die palm van sy hand. Maar ek het ook al vir hom gesê: "....., if you do not understand this, call your teacher and say, just explain to me the question." En dan het hy dit al gedoen, en dan doen hy briljant. Maar hy's tevrede. Ek dink nie mens moet ook 'n kind heeltyd fokus op hierdie 80, 90, 100% nie. As jou kind... Maar ja, hulle word ingedoen daar. Ek stem daarmee definitief saam, mens kan daar... Daai brief wat julle saamgestel het- daai hulpmiddel vir die onderwyeresse. Ek sê ook vir hulle: "Lees hom gereeld", want daai inligting is alles op daai stukkie. Jy weet daai brief wat ons vir die onderwysers gee?

C: Hmmm.

T: As sy byvoorbeeld 'n Wetenskap les behandel in 'n klas, om seker te maak daai kind het opgevang, want hulle mis goed aan die einde van die dag. Maar wat ek ook doen is, ek sê vir haar, vir hulle: "As my kind sukkel met Wiskunde en julle kom dit in die klas agter, laat weet vir my. Maak net 'n nota ook, dat mens nie aan die einde van die termyn ontdek, hierdie kind het nog nooit daai 'skills' opgetel nie, want dit is absoluut (wat noem jy dit?) by Wiskunde, sekere... 'skills' wat jy moet aanleer, om te kan aangaan en aangaan na 'n volgende deel.

G: Ek wil by ..... net aanlas, oor die, oor die, kom ons sê die maatjies. Daar het ..... nou ook, die een of twee... dit is nou 'n Dawid & Jonatan- verhouding. En toe het die juffrou op 'n stadium gesê, maar sy skuif die twee van mekaar af in die klas- omdat ..... so besorgd is oor ....., dat ..... amper nie kans kry om te dink nie.

C: Dis waar.

G: As ..... sit en nog dink, dan sal die Molly Ann al vir haar sê: "Maak so, en maak so." Of sy kyk eintlik wat langsaan gedoen word. So, haar denke word daardeur onderdruk of, haar vermoë om self te begin dink is in 'n mate... Dit kan onderdruk word daardeur. En toe het

die onderwyser gesê, ..... het eintlik daarna meer spontaan geraak, omdat sy altyd gewag het, maar Molly Ann sal my help. En toe moes sy nou uit haar eie uit begin.

T: Ek dink soos 'n kind se taal ontwikkel en vorder baie goed. Dit is hier in die laaste klassies. Op 'n stadium kom daai goed rêrig van self. Ek dink nie 'n mens moet daarvoor te veel bekommerd wees nie. By ons is dit die geval, die kinders wissel verskriklik. Hulle raak te dik pëllietjies, dan 'chat' hulle meer as wat hulle werk. So hulle skuif hulle in elk geval. So kry dus...

C: Dis waar.

T: Laat die juffrou net gereeld vir haar 'n ander "buddy" langs haar sit.

G: En dan net nog een. As ek dink, die kinders moet leer, of ja, hulle moet die, hulle moet die vrymoedigheid hê om die onderwyser te vra (wat jy ook net-nou gesê het), ek sien ..... is skrikkerig daarvoor. .... sal in haar boek wil skryf: ..... verstaan nie die werk nie, dan is ....., dan sê sy: "Nee, want my juffrou of meneer gaan met my raas, want hy het reeds verduidelik." So asof sy, sy het nie die vrymoedigheid om te gaan sê: "Meneer, ek verstaan nie verduidelik vir my weer 'n keer nie."

C: Dis 'n geval van, sy wil nie hê ek moet so baie in haar boek briefies skryf nie.

G: Die ding is net, sy is dalk bang om te gaan vra.

T: Ek dink wat 'n mens in daai opsig moet doen (ek wil nie raad en advies gee nie), maar as mens miskien self die onderwyseres, om met haar self te gaan praat en sê vir haar: "Weet jy, ek weet my kind weet alles. Sy weet nie alles, maar sy ken haar werk 80 / 90 / 70 / 50%. En dit doen afbreek in hierdie kind, omdat julle vrae vang haar uit. Weet, 'n ander kind het bietjie daai meer, sy gaan op 'n stadium daar ingroei. Wil jy nie net 'n uitsondering maak, en vir haar... agter haar staan en kyk- maak sy droog? of vul sy die regte antwoorde in, gee miskien vir haar..."

C: Dis weer ons keuse.

G: Nee kyk, daai skoolhoof (daai tyd was hy nog nie skoolhoof nie, nou is hy skoolhoof), hy't daai tyd vir my gesê: "Kyk, geen probleem, as sy die vraag nie verstaan nie, kan sy vra dat die vraag vir haar op 'n ander manier verduidelik word." Ek wat op universiteit ge'swot' het, as ek 'n vraag nie verstaan het nie, het ek my hand opgesteek (in die eksamenlokaal) en vir die dosent gevra: "Ek verstaan nie die vraag nie." Dan was daar meereerdere studente, wat die vraag... en dan het hy opgestaan en dan't hy die vraag in 'n ander manier verduidelik of in 'n ander manier gestel. So, as dit op universiteitsvlak kan gebeur, waar groot mense (wat klaar is met skool), 'n vraag nie verstaan nie, kan dit op laerskoolvlak soveel te meer gebeur.

M: Ek dink, die punt is, dan moet daai vraag dan op dieselfde manier miskien aan die hele klas gestel word. Dan behoort... want as dit nie gebeur nie, (ek weet wat ..... se punt is), dan beteken dit dat, dis eintlik makliker vir die kind om deur te kom op 'n ander standaard, dis 'n ander standaard wat die ander kinders op deurkom.

C: En dit is nie wat 'n mens wil hê nie.

M: Ja, maar aan die ander kant... daar's twee kante van die saak- maar al wat mens sê is, as die kind nie verstaan nie, verduidelik dit dan vir die hele klas dan.

G: Hy hoef dalk nie noodwendig die hele vraag oor te stel nie. Sy kan vir hom byvoorbeeld vra: "Meneer, wat beteken voedsel? Ek verstaan nie daai.... Dan kan hy vir haar sê: "Kos." Dan, onmiddellik gaan sy snap. En as sy dan nog nie verstaan wat is kos nie, en sy kan nogsteeds nie die vraag antwoord nie, dan...

C: Sinoniem woord.

M: Nee, ek stem saam.

*C: Die kind moet in die leerwerk geleer het, “Voedsel beteken kos.” Dis hoekom sy elke dag haar werk moet onderstreep en na haar woordeboek toe gaan, die woord gaan soek of na haar eie woordeboek maak. Dit is net- dit vat baie tyd.*

G: Dit is juis die ding- daar is nie tyd nie.

C: Maar dis my keuse, om my kind in daai klas te sit.

G: Dis my keuse om by Tukkies te kom swot. RAU kon hom anderste gevra het.

***F: Goed, as u terug dink bietjie aan toe hulle net in die hoofstroom klas, (jare gelede), watter is daar enige ander behoeftes wat die outjie gehad het toe hy in sy klas was? Behalwe nou die aanpassing, assessering...***

C: Taal, woordeskat, plasing, posisionering.

T: Wat vir my wonderlik was... ek dink dit was 'n behoefte dat (as die kind die eerste dag in 'n klas instap, was die juffrou vir my so ongelooflik, ongelooflik oulik. En hy't haar nou al die derde jaar), is dat hy't huistoe gekom die dag en hy't vir my kom vertel: “Aunty Jenny took of my \_\_\_\_\_. Sy't vir almal in die klas verduidelik (Dag 1): “..... is gehoorgestremd, maar hy kan hoor”- en dat almal nie pluk en foeter en vat aan die kind se apparaat nie. Weet jy, en dan eers, aanvaarding is (van die maatjies se kant af), dan dink ek het 'n kind al reeds...

C: ... ver gevorder.

T: Ja, dat almal voel en kyk en vat en eksperimenteer, tot dit verby is. Dan is dit ook nie meer snaaks nie. Herhaal net weer jou vraag, dat ons weer van die vraag afwyk nie. Wat se behoeftes was daar jare terug?

***F: Ja, of nou met verloop van tyd. Goed wat julle dink, nog addisionele dinge wat julle dalk dink is belangrik?***

G: Ek dink vir die eerste keer is die onderwyser se, se onkunde is baie belangrik. Gelukkig, ..... het ook 'n baie goeie onderwyseres gehad. Maar soos dit aangaan in die jare, dink ek was daar 'n oorvertelling in die skool. Een onderwyser vertel vir die volgende onderwyser of die volgende onderwyser: “Volgende jaar het ek vir .....” Daai, ek dink daai behoefte raak al minder.

T: Ek dink...

G: Dit kan vreeslik spanningsvol wees vir 'n onderwyser, omdat 'n dowe kind, gehoorgestremde kind in haar klas te hê, want sy weet nie hoe om die kind te hanteer nie.

T: Ek dink wat baie belangrik is, en dis ook wat ons nou toevallig hierdie jaar gedoen het, (omdat hy oor die tien verskillende onderwysers het), het ons almal probeer kry. Meeste was daar, die wat nie daar is nie, kan jy duidelik sien waar lê die leemte. As ek kyk na sy- by die Engels en by sy \_\_\_\_\_-ship. ...., wat nie daar was nie, jy kan, ek wil dit nie so stel nie. Wat ek sê is, wat belangrik is, dat jy as ouer, daar kan van hierdie oudioloë of iemand ook bysit- dink ek kan baie goed wees, as mense die tyd het, dat jy vooraf half vir jou 'n lys maak en vir hulle sê, wat is belangrik en vir hulle tyd gee om vrae te vra. Ons het byvoorbeeld die nuwe (wat is “case leader” in Afrikaans?)...

M: Die departementshoof.

T: Die departementshoof ook daar gehad- wat vir my fantasties was. Hy het uit sy eie uit gevra: “Wat kos so 'n apparaat?” en “Wat kos die FM?” En hy't regtig vir die onderwysers gesê, hy verwag hulle kyk na die kind se goed. Dis duur goed hierdie. En dat mens hulle net bietjie meer geskiedenis van die kind gee. Dit gee vir hulle dadelik meer, kom sit dit in hulle

harte en hulle fokus net soveel meer. Weet, hulle het nie 'n begrip hoe hy kan hoor nie, wat hy miskien nogsteeds uitmis, dalk op 'n dag nie... Maar die feit dat hulle weet, jy as ouer gee om, gaan maak dat hulle soveel meer omgee vir jou kind.

**F: Goed en dan sal hulle, en dan daaruit vloei dan ook die aanpassings...**

T: Ja, en dan ook hulle onder mekaar, wat vir my baie interessant is, wat oulik is, is- die een wat minder weet as wat Jenny byvoorbeeld weet (die onderwyseres wat hom langer het). Hulle is nogal geneig om vir haar te gaan vra, en sy het byvoorbeeld 'n wonderlike ding gesê die dag- en dit kom ook in daai brief voor (as mens dit net gereeld lees). "Moenie hom verloor nie, terwyl jy een of ander les aanbied; moenie die kind verloor nie, want dan stel hy glad nie net-nou meer belang nie." En as hy nou hier gesit het, en ons maak nie seker hy's deel van die gesprek nie, was hy nou al so verveeld gewees soos kan kom. Daai tipe van goed dink ek is "vital" in 'n klas.

M: Ek wil nog iets daarby voeg. Ek dink 'n behoefte is, maar ek moet eers 'n stelling maak en sê: "Nie alle skole gaan altyd geskik wees vir die kinders nie" en ek dink dan is 'n behoefte by ouers, daar behoort 'n behoefte te wees om 'n beperkte hoeveelheid skole te kweek, te "coach". Dat daar met ander woorde 'n paadjie gestap word, dat as jou kind in 'n klas inkom, was daar miskien al sewe kogleëre kinders voor daai kind en in daai opsig is dit baie makliker om vir jou.... jy hoef nie deur te gaan... In ons geval, mens is besig om elke keer nuwe grond te breek. Ja. Terwyl, as dit so gaan, gaan dit baie makliker wees.

**F: Ek sal wel verduidelik later aan, dit is deel van die hele nuwe inklusiewe sisteem, waar daar dan so iets is.**

M: O, o.k.

**F: Die behoeftes en die aanpassings. Dit het nou gekom, dit wat julle nou so saam gesels het in die groep, sodat die onderwyser ook weet wat se aanpassings daar is. Is daar aanpassings wat julle sou uitsonder, wat gemaak moet word om so 'n kind te akkommodeer in die klas?**

C: Ek dink die belangrikste is die kind moet voor sit. Waar ons baie gelukkig is- dis vroeg geïdentifiseer en die samewerking met ons spraakterapeut gee sy altyd die meeste inligting deur, en sy maak dat sy die onderwysers elke jaar kry en sy wil met hulle almal praat (waaroor ek baie gelukkig is). En die voorsit in die klas... Die belangrikheid van die FM-sisteem, om hom te gebruik en te dra, maar weer by ons, ons is gelukkig, hulle doen dit. Weet, so dis nie... Batterie is soms 'n probleem, want dan het sy nie genoeg saam skool toe nie en toe's daar op 'n stadium 'n battery herleier by die kantoor gelos en ons pakkie batterie by die skool. Ja, "shame" die arme tannie wat daarvoor verantwoordelikheid neem. Maar ons is gelukkig, hulle doen dit. Maar dis maar die aanpassings en dan die maatjie (wat Molly-Ann was), was absoluut ..... se alfa-en-omega van die begin tot sy verlede jaar in die middel in P.E. gaan bly het - wat baie trauma was. Maar sy het vinnig weer 'n ander gekry en dit gaan net hoed. Dit gaan al hoe beter. Ek dink dit is maar by ons die ding.

T: Ek dink 'n groot ding is (waaroor ons almal ook net-nou gepraat het, oor hierdie vraestelle). So miskien, sê maar tot op 'n sekere vlak; vir daai kinders, as dit so kon gewerk het, ek weet dit sal nooit so realiseer nie, maar as hulle so 'n vraestel kan opstel wat ja, met twee vragies, die kind met wel nogsteeds die werk ken en sy antwoord neerstrywe. Ek verwag nie die antwoorde nie, maar as hulle nou-net, sê maar tot op 'n ouderdom of tot in 'n sekere graad (sê tot-en-met standaard 4/5). Daarna dink ek moet 'n ou sorg dat jou kind ook daar uitkom. Jy kan hom nie so beperk hou nie.

C: Dis reg. Ek wil by haar aansluit- wat ek al gevoel het, ek weet dit werk nie en ek is nogal een wat baie realisties en sterk ook daarvoor voel, maar ek het ook al gevoel, ek wens ek kan daai vraestel vat en net met 'n potlood vir die juffrou vooraf wys- hierdie woord, gaan my kind nie ken nie. Miskien die antwoord, maar hierdie vraag gaan sy nie ken nie. Ek het al gevoel, ek wens ek kan net vir ..... met 'n potlood al daai woorde net anders sit, dan gaan sy presies, net 100% kry. Jy verwag nie 100% nie, maar ek wil hê... Sy't soveel "effort" ingesit om te leer. Ons het 3 keer deur haar MSW gegaan. Sy het dit so goed geken, so dit... Maar nou

ja, ons bepaal iemand se intelligensie uit sy woordeskat en mense meet mense aan hulle intelligensie. So, sy is maar beperk, maar dit gaan goed. Dit is wat ..... sê, jy wens jy kan die vraestel.... Maar, ons kan haar nie aanhou beskerm nie- sy moet maar uitbrei.

G: Ek verskil met altwee van julle. As jy tot (en dit maak nie saak watter vlak) jy 'n vraag nie verstaan nie, jy die vrymoedigheid hê om te sê: "Maar ek verstaan nie die vraag nie." Ek wil nie hê hulle moet sê, gee 'n sinoniem vir mooi nie- dan sê ek maar ek weet nie wat is sinoniem nie, dat die juffrou dit moet verduidelik nie, of gee die trappe van vergelyking van dit en sê: "Hoor hier, ek verstaan nie trappe van, wat beteken trappe van vergelyking nie." Want dit is die essensie van die vraag.

C: Nee, dis die inhoud van die vraag.

G: Maar as ek sê wat se voedsel, as ek sê ek verstaan nie voedsel nie.

T: Maar dit wat jy nou sê van trappe van vergelyking...

G: Of wase vervoermiddels, wat se vervoermiddels.

T: ...daar kan sy 10 punte verloor.

G: Dis korrek, maar ek meen, en dit is iets, ek meen dis trappe van vergelyking, so dis soos plus en minus.

C: Sy moes dit geleer het, dit is in haar inhoud weergegee.

G: Maar voedsel en daai tiep... en kos en... Dit is goed, dit is goed wat jy kan sê, maar ek verstaan dit nie, verduidelik dit net vir my.

T: Ek stem.

M: Ons kinders sukkel om woordeskat te leer. Hulle het 'n agterstand en ek dink dit is duidelik in die gesprek wat ons hier het- dit is 'n probleem. Dit is die fundamentele probleem met ..... op skool. Ek dink ook daar is, as 'n mens kyk na daai vraag- daar is twee maniere wat jy na die vraag kan kyk. Wat wil jy graag hê moet 'n onderwyser (wat se aanpassings moet die onderwyser maak), wat is die "wants", maar daar is ook "needs" wat moet die onderwyser aanpas. En ek dink daar's 'n verskil tussen daai twee goed. En as mens na 'moet' kyk, kan is posisie in die klas 'n moet. Maar dan as ons kyk na "want", wat ek dan graag wou hê (en ons onderwysers doen dit). Die een is, sy sal daai ekstra (dit word nie van haar verwag nie en sy word nie betaal om dit te doen nie, maar ons het waardering dat sy dit vir ons doen- dit is wat ek bedoel daardeur), is dat as sy- sy kom agter dat as ..... uitskop. En as hy uitskop, dan skop hy totaal uit. Dan verloor sy hom die res van die klas en al wat sy doen is, sy doen daai bietjie moeite (wat sy nie met die ander kinders hoef te doen, want dis nie nodig nie), is sy gaan tel hom maar net weer op, hak hom weer aan en gaan aan met die res van die klas. So ek dink, dit is in ons geval net 'n groot voordeel en ons kan baie baie gelukkig wees as jy so 'n onderwyser het.

T: En sy praat so duidelik.

M: Ja, sy sal net daai bietjie ekstra, en miskien die woordeskat bietjie afskaal, maar sy kan dit nie doen ten koste van die res van die klas nie. Soos wat Cecile ook al gesê het. So, ja, so, daar's vir my 'n groot verskil tussen "needs" en "wants". Daar's goed wat jy kan verwag en daar's goed wat jy kan...

T: Jy kan bly wees dat dit daar is.

M: Ja, ja.

**F: Is daar iets wat julle sou wou byvoeg?**

C: Ek wil net nog 'n voorbeeld hier noem, ek weet dit is bietjie... Maar, sy moes nou in die Bybelklas leer, by die Sondagskool, 'n toetsie skryf, dan moet, dan verduidelik hulle vir jou die teksvers, dan sê die juffrou die teksvers, dan moet jy sê wat is vir jou kosbaar, wat is vir jou dierbaar, hoekom is Jesus vir jou kosbaar en dierbaar? En ..... het 0 vir daai antwoord gekry en sy het min vir haar toetsie gekry en dis hierdie koster se kind en hierdie Sondagskool juffrou se kind wat nou so in haar eie Sondagskooltoetsie so min kry. Maar kos is vir haar kos wat jy eet en dier is 'n dier. Dan vra hulle die vraag: "Is Jesus vir jou kosbaar?" Sy kon nie dit bymekaar bring nie en dan voel ek jammer vir haar, want sy is so getroue...

T: Ek kan nie aan 'n ander oplossing dink nie en ek dink as jy vir ouers gaan vra gaan elke ouer vir jou sê: Ja, maar ons kinders het dieselfde. Ek voel ook baie keer ek "home school" in die middag- hulle tel beslis nie alles op uit 'n les uit nie. Ek sal sê, op hierdie stadium, elke jaar gaan dit beter, want hy's meer inge'zoom', hmmm..., omdat dit elektroniese gehoor is, ek meen eerder dit as niks. Dit gaan eintlik so goed met hulle dat mens dankbaar is, jy wil nie altyd negatief klink nie. Maar hulle tel nie in die klas op wat 'n horende kind optel nie. So as 'n mens wil hê dit moet uitstekend werk moet jy eintlik daai hele les vat en elke middag oor dit gaan. Ek wat met hom sit met al sy toetse, sal een keer deur dit gaan, spesifiek aan die woordeskat aandag gee, spesifiek vir hom verduidelik dan moet jy dink jou normale ander kind leer baie keer soos 'n papegaai- ons het seker almal so geleer. Jy het nie geweet wat beteken dit nie. So ons kinders het daai voordeel, omdat hulle daai behoefte het, leer hulle eintlik soveel beter om uit te brei. Dit is nie altyd maklik en moontlik veral as dit spesifiek nuwe werk is wat hy nou vir die eerste keer gehoor het (soos trappe van vergelyking). Eintlik moet die ouer ook op die toneel wees en dit sien as 'n geleentheid, maar dit is moeilik. Jy kan onmoontlik nie alles "recap" wat vanoggend in die klas gebeur het nie. Die kind het nie daai energie en tyd nie en die ouers ook nie. Jy kan soveel op 'n dag doen, iewers moet hy nog ontspan en speel en sport of iets doen. Maar dit ...., sê ek vir jou, is die grootste ding. En dit is hoekom hulle daai woordeskat somer net so spontaan... baie goed kom spontaan, wat mens baie dankbaar voor is, maar groot goeters- jy weet terms. As dit kom by Wetenskap en Geskiedenis, hierdie wild vreemde name, is vir hulle regtig, jy moet oor en oor en oor dit herhaal. Maar aan die ander kant is ek altyd dankbaar, dan dink ek, hy kan dit doen.

C: Ja, is dit nie wonderlik nie.

T: Maar jy kan dit ook nie van die juffrou verwag, haar periode is net so lank, sy moet deur daai werk kom. Hulle het miskien 'n "work assignment" waarmee hulle moet begin wat sy moet verduidelik, so- daar lê die kern van die ding, dink ek...

***F: Goed, as mens nou dink die hele stelsel waarheen hulle nou beweeg in terme van inklusiewe onderwys- die groot betekenis agter die term, is dat die stelsel moet die kind kan akkommodeer. As mens dit nou in gedagte hou (en julle het reeds gepraat oor wat is hulle behoeftes en die aanpassings wat gemaak moet word) wat dink, wat sou julle sê is die eise wat opgestel behoort te word aan die kennis en die vaardigheid van die onderwyseres?***

***Dit is iets wat ek gedink het, as ons daaroor praat, as ons 'n vaardigheid of 'n kennis uitsonder, wat julle voel is belangrik vir 'n onderwyser om te hê, dat ons dit dalk net kan gradeer in terme van, ons besluit dalk saam: "Die bepaalde aspek wat ons nou genoem het:***

- ***is nie nodig nie***
  - ***die onderwyser moet bewus wees daarvan***
  - ***sy moet kennis dra daarvan***
  - ***sy moet "skilled" wees of vaardig wees daarin***
  - ***of sy moet so vaardig wees daarin, sy moet ander onderwysers kan oplei."***
- As 'n mens nou dink aan...***

C: Wel, sy moet definitief, sy hoef nou nie al die kostes rondom die sisteem te hê nie, maar sy moet weet wat is die patologie van die oor, hoekom die kind half-doof is en hoekom die koglea dan daar is. Sy moet darem so bietjie kennis hê van die battery wat pap is, die kind hoe ouer hy word, leer hy in elk geval self of die battery pap of verander dit self. Daar was regtig net een insident, maar ek dink ..... het ook maar 'n kans gevat, wat die batterytjie pap was, toe't sy hier gevroetel in plaas van geluister en die juffrou het nie besef maar die battery is pap. Jy weet, toe het sy dit nou omgeruil, maar ek dink ..... het tog maar vir die maatjie



langsaan iets gevra, toe het ..... vir die juffrou..., toe het die juffrou vir ..... gesê: “Los die maatjie en luister na my.” Intussen het sy net die battery verander, maar ..... het ook maar 'n kans gevat. Die juffrou moet weet- hierdie battery is pap, wat hierdie kind besig is om te doen is om die battery in te sit. Die res moet die kind net voorsit en ek weet nie.

G: Ek dink wat belangrik is, en dit trek regdeur, is, ek weet nie lank vat dit vir 'n gehoorgestremde om dit of uit daardie agterstand uit te kom nie. Miskien hoe vinniger die inplanting is, hoe makliker is die..., is daai abstrakte denke. Daai konkrete denke van 'n dowe kind. Hulle assosieër moeilik met goed wat hulle nie kan sien nie, nie kan aan vat nie. Ek dink iets soos Geskiedenis, ek dink moet vir 'n gehoorgestremde, vir ..... gaan dit (en vir my, vir ons) gaan dit gek maak om vir haar te vertel van Jan van Riebeeck wat in die Kaap aangekom het.

T: Ek moet daar vir jou sê, ..... floreer oor die stories. Ek dramatiseer dit vir hom- hy's mal oor Geskiedenis.

G: En vat byvoorbeeld breuke...

C: Breuke en tyd.

G: Daai tiep van dinge, en daar's sekere dinge. Ek dink as die, vir my is dit eenvoudig, hoekom kan ..... dit nie verstaan nie? Maar as jy nou gaan kyk- maar waarom gaan dit?

***F: Kan mens dit bring, terug bring in terme van kennis en vaardighede van die onderwyser? Wat moet die onderwyser weet of kan doen?***

T: Ek weet wat vir my wonderlik verlede jaar gewerk het met ..... (die eerste termyn het bietjie sleg gegaan). Nadat ek 'n afspraak gemaak het, nadat ek met haar gaan gesels het, sy het eintlik nie daai dag geregistreer nie, tot ek en hy besluit- ons skuif hom uit haar klas uit, as sy nie kans sien nie (en sy's 'n remediërende onderwyser). Bo en behalwe sy't kanker en ons het gevoel dit raak miskien te veel. Ons kan nie haar te veel verwag nie, sy sit ook met kinders wat hiperaktief is of ADD, dalk het (jy kry dit in elke klas) het jy dit ook nog. Mens moet pasop om te veel druk op 'n onderwyser te plaas, maar ons het gelukkig klein klassies daar. Nadat ons hierdie seminaar gedoen het, waarheen al die onderwyseresse genooi was, het 'n hele wêreld oopgegaan. Ek weet nie of jy kan onthou- verlede jaar nie?

***F: Ek onthou.***

T: Toe was .... hier gewees en weet jy die hele jaar, dit is asof sy net ewe skielik belangstelling gekry het. Sy het die kliniek gesien, sy't 'n klomp terapeute gesien, sy't al hierdie praatjies (daar was geleentheid vir vrae). Sy't so 'n liefde dadelik sommer meer ontwikkel. Toe sy besef wat gaan alles daarin. So ek dink so 'n opleidingsessie en net so dis baie aanvanklik die skoolhoof, en die onderhoof is rêrig... Ek het vir hulle byvoorbeeld ook die begin van die jaar so iets by die die kliniek en... Dit is wonderlik as een dan kan gaan, ons kan nie verwag dat al 10 die onderwysers gaan nie, maar as een kan gaan. Ek is bereid om te gaan uit help in die klas op 'n dag as hulle my mooi leer hoe om te doen en daai juffrou kan miskien.... Toe sê die hoof hy sal ook graag miskien net wil bywees. As hy 'n sterk onderwyseres vat wat 'n liefde het vir dit of reeds dalk so 'n kind gehad het, want hulle wissel ook van grade elke jaar. Dan kan sy teruggaan en vir hulle goed gaan toerus of dan nou, ja, spesifiek bel.

***F: Dit is, dit kom op die punt neer van addisionele opleiding, bietjie ondersteuning, kursusse.***

T: Ek dink so.

C: Betrokkenheid.

***F: Ek wil net so terloops, sê ons het vorms hier. Nellie het vir my gegee. Ek het vorms hier, ons sal weer so iets reël.***

M: Addisionele opleiding soos ons sê kan 'n half dag wees. Dit hoef nie 'n ses maande kursus of iets te wees nie.

T: .... het byvoorbeeld gesê sy't altyd gehoor van 'mapping'. Wat beteken dit vir 'n onderwyser as jy sê: "Hoor hier, my kind kom laat, hy gaan vir 'n 'mapping'". Die oomblik wat hulle sien wat hier gebeur, weet jy, mens kan een keer 'n jaar miskien vir hulle deurvat (die wat betrokke is), en net vir hulle wys- hoe word 'n kind ge'map', net bietjie vertel van die elektrodes. Dit gaan nie net noodwendig (daai goed in die klas is 'vital' ook), hierdie inzoom op daai kind, maar onmiddellik besef hulle dit is nie sommer niks hierdie nie. Dit kom al van lankal af aan. Mens kan dit maak werk, veral as jy ook aan...

Ek dink veral kinders wat miskien nog onder is, as hulle byvoorbeeld nou na \_\_\_\_\_ by van daai onderwysers uitkom. 'n Onderwyseres wat dalk met 'n graad een kindjie sit, wat nie weet waar om met hierdie kind te begin werk nie. Dit kan nou weer vir hulle soveel motivering gee. Weet, onderwysers kan ook "link". As jy verstaan wat ek sê- tussen skole.

**F: Goed, dit is nou die "mapping". 'n Aspek wat jy ingebring het. Is daar nog iets wat julle dink?**

M: Ek wil dit nie "mapping" noem nie. Ek wil sê blootstelling aan fasiliteite, hierso.

T: Blootstelling, ja.

M: Blootstelling aan funksionele fasiliteite. So dis nie die..., dis opleiding in 'n ander sin. Jy stap hier deur vir 'n uur saam met iemand, gaan by die "mapping" in en kom by 'n oudioloog uit, spraakterapeut of wat ook al.

**F: Spesifieke kennis wat julle dalk dink is nodig? Wat moet hulle weet? Nie noodwendig dat hulle veronderstel dat jy in die klas praat en die onderwyser moet van self dit weet nie, maar wat is daar wat julle dalk meer opleiding... watter inligting moet hulle verkry?**

M: Ons het 'n klomp goed daar neergeskryf, ek weet nie of ons dit moet herhaal nie.

C: Dis daai goed: hulle sukkel met sinsbou, hulle sukkel altyd daarmee.

G: Woordeskat.

C: Hulle sukkel met die woordeskat, hulle gaan altyd daarmee sukkel. Ons wil dit nie weer hoor nie. Ons wil hoor wat doen ons nou omtrent om dit uit te brei. Wat's die derde een? Hulle sukkel met begripsoefening. Hoewel sy 4 uit 6 gekry het in vandag se Afrikaanse begripstoets. Ons weet almal hulle sukkel daarmee en ons moet hulle ekstra help om dit uit te brei. En dan hulle Wiskunde. Ek weet nie of joune ook so sukkel met Wiskunde nie?

M: Tot hulle die konsep gesnap het.

T: Die konsep wat ek net-nou van gepraat het.

C: Jy weet, dit is so. Maar sy kry nou al remediërende onderrig wat ekstra uit my sak uitkom. Sy kry gelukkig die beste spraakterapie vanaf UP, sy't die beste onderwyser. Maar tog- daar's sekere goeters wat jy aan remediërend of ekstra aandag moet gee wat soos ..... sê, sy's al 'n onderwyser by die huis. En sekere goed moet jy haar ekstra help mee, wat dan 'n finansiële uitgawe is. Wat tog maar op die ou...

T: Ek dink, 'n mens moet net aanvaar, maar die kind het 'n gehoorgestremdheid. Jy kan hom nooit perfek kry nie.

C: Ja, ja, ja.

T: Maar mens moet, ja, ek dink...

C: Dis moeilik om soms realisties te wees. Om te sê waaraan moet ek nou ekstra...: Is dit Wiskunde hierdie termyn? Is dit ekstra Engels hierdie termyn? Ja, dis moeilik.

M: Daar's nog 'n punt. Die juffrou moet die kennis dra oor hoe om die ander kinders te hanteer teenoor die kind of die kind teenoor ander kinders. En sy moet ook die kennis hê om dissipline nie te verwar met gestremdheid nie. As daar 'n dissipline-probleem is, dan moet dit opgelos word.

C: Dis reg. Ek moet sê, ons is baie gelukkig in hierdie opsig van hierdie, weet, kind aanvaar of hierdie half-gestremde kind aanvaar in 'n normale skool. Ons kind word besonders goed aanvaar. Sy's...

T: Ons het ook nie probleme met dit nie. Glad nie.

**F: Goed, en dan, dit is dan oor die kennis aspek. Enige bepaalde vaardigheid wat julle dalk dink, is belangrik vir so 'n onderwyser met 'n kind gehoorverlies.**

M: Die een vaardigheid is die een wat ek genoem het. Sy moet kan, sy moet die vaardigheid hê om die kind te kan aanhak by...

T: Dis baie belangrik, dis seker die belangrikste goed.

M: As die kind agter raak (en dis op 'n redelike onbewuste manier).

C: Ja, want ek het nou eers agter gekom, die juffrou het genoem (ekskuus) dat sy bietjie gefrustreerd raak in die Wiskunde klas. Dis soos jy sê, sy 'hak uit'. Hoe 'hak' jy haar weer terug? As ek dit so mag gebruik.

M: Dit is 'n vaardigheid.

**F: Goed, enige iets wat julle, nog iets daarvoor wil byvoeg? Ek dink ons het hom nou al redelik bepraat. Watter bykomende aspekte beïnvloed die verantwoordelikhede van die onderwyser met die kind met die gehoorverlies?**

C: Bykomende aspekte?

**F: Watter bykomende aspekte beïnvloed die verantwoordelikhede van 'n kind met 'n gehoorverlies? Ek bedoel nou, hier's 'n kind geplaas in die klaskamer met 'n gehoorverlies. Watter ander aspekte gaan die verantwoordelikhede van daardie... Dis nie noodwendig klasverband, klasverband-houdend nie, maar die feit dat die onderwyser nou, 'n onderwyser van 'n kind met gehoorverlies is, kan daar moontlike ander aspekte wees wat ook nou 'n rol gaan speel in die verantwoordelikheid van so 'n kind.**

M: Wel, dis die verantwoordelikheid van die onderwyseres om die ouers te kontak, as daar probleme is- baie vinnig.

T: Onmiddellik.

M: Dit is die eerste ene. Ek het dit ook al genoem, ek dink dit hoort meer hierso.

**F: So dis kontak met ouers.**

M: Ja, maar...

C: Ek dink die belangrikste is maar die kommunikasie tussen jou en die onderwyser. Die belangrikheid is dat die kind net soos die ander normaal hanteer moet word. Waar ons nog tot dusver baie gelukkig was, veral met haar Afrikaanse juffrou van Vuuren. Jy kon sien, kyk, sy hanteer jou net soos die ander.

G: Ek sal ook dink daar miskien, ek weet nie, ek kyk nou uit 'n onderwyser se oogpunt uit, (ek is self nie een nie, so ek weet nie of hulle dink soos ek nie), maar as miskien 'n ondersteuningsraamwerk, 'n ondersteuningsbasis vir die onderwyser as sulks. En die onderwyser wil nie maklik of noodwendig met die ouer gaan praat nie- oor ek weet nie hoe om jou kind te hanteer nie, laat daar vir haar amper 'n...

C: O, 'n skakelpersoon.

G: .... 'n noodlyn is, en sê: "Help, ek sukkel met hierdie kind, hoe moet ek hom hanteer?"

C: Maar ons het dit, ons spraakterapeut kontak baie met die skool. Ek weet nie of die skool noodwendig met haar kontak nie, as dit is wat...

**F: So, meer van 'n ondersteuningsraamwerk- iets waarop hulle kan terugval.**

G: Ja. Of 'n hulplyn, of 'n persoon by, sê maar, hier.

T: Ons het mos vir .....

G: Vir ....., of wie ook al, wat jy kan kontak- enige tyd en dit sal vertroulik bly.

T: Ons het eintlik vir ....., die een meisie wat vanaand hier was. Sy's enige oomblik, altyd bereid om uit te gaan.

M: Maar dis juis die vraag, so dit is...

C: 'n Behoefte by party.

M: Dis 'n behoefte vir 'n onderwyser.

G: Of die kind vra die heelyd vir my sy verstaan nie hierdie tipe, of hierdie werk verstaan sy nie en die ouer sal die kind verduidelik, maar ek kry dit nogsteeds nie in die kind se kop in nie. Weet, dat iemand vir haar kan sê, maar benader die kind of verduidelik die werk dan so vir haar. Ek dink aan een voorbeeld.

C: Ja, ons moet byvoorbeeld, van volgende termyn af gaan ek en ..... een maal 'n week, na skool, Wiskunde klas sit en die juffrou gaan die ander kinders help en ek gaan daar sit en kyk hoe verduidelik die juffrou die kinders dat ek weet hoe om ..... te verduidelik. Dit het nou uitgekom. Dit is nou weer ekstra remediërende onderrig, maar die skool het die behoefte daar vir al die kinders. So, ons gaan nou maar net by. wat baie goed is.

M: Hmmm. Ek weet nie of dit die onderwyser se verantwoordelikheid is nie, maar die kinders sal baie sukkel om aan te pas (ek weet nie hoe groot ..... se klas is nie), maar as dit klasse van veertig plus is, dink ek dan gaan 'n gehoorgestremde baie sukkel.

T: Klassies moet klein wees, dit is 'n aspek wat 'n rol kan speel.

G: Klasse met klein wees. Ons s'n is 27.

T: En ek dink elke skool het omtrent twee of drie graad een klasse, twee of drie graad soveel klasse. As hulle daai kinders mooi kies, dat jy half jou bedrywige kinders, (weet, en elke klas het sulke kinders), maar dat jy nie te veel sulke kinders saam 'n gehoorgestremde... Want 'n gehoorgestremde is so goed soos drie. Weet, die aandag wat dit tog vat van die onderwyseres.

C: Weet jy, dit gebeur nogals by my kind. Van graad een af. Sy's nog elke keer in die klassie wat die meeste wat ADHD is en die meeste besig is. Sy's in daai klassie, maar dit gaan goed. Die juffrou dink ek is bietjie kwaai.

**F: Sy gaan goed aan.**

C: Ja, maar dit kan 'n effek hê, hoor.

G: Ek dink, ja, ..... pas in. Sy't trompoppies gedoen, sy speel blokfluit, sy is netbal-doel, ek meen, sy's 'n gewone kind in daardie skool.

T: Sy leef haar uit- dis wonderlik.

G: Ek dink, laat sy haar, sy moet 'n normale persoon wees. Onderwyser moet besef, maar sy het 'n tekortkoming.

T: Daar is leemtes, ja.

G: Die leemtes, en die leemtes moet tog bietjie...

T: ... gevul word.

G: ...aangespreek word. Verder hanteer hom soos 'n gewone kind.

T: Daar is natuurlik periodes in die dag, sê maar hulle het "chapel" (saal-periode) of P.T. of so iets. Dit is ook 'n oplossing. Ek het al baie daaraan gedink en ons juffrou het baie afperiodes ook tussendeur die dag. As mens miskien kon "re-cap" sekere van daai goed waarmee die kind die meeste sukkel. Sê maar in haar geval is dit Wiskunde. Mens kan sulke opsies, jy kan dink daaraan.

C: Ja.

**F: Wat sou u sê daarvan?**

C: Weet jy daar was al 'n voordeel, want regtig, by die huis gaan dit maar druk. Ons gaan nou bietjie van die onderwerp af. Dat jy byvoorbeeld. 'n student kry en haar betaal om elke dag na skool, want in die na-skool gebeur daar niks nie en jy betaal baie meer, na-skool geld en daar gebeur niks, behalwe sy geniet dit om netbal te speel, om blokfluit te speel en alles behalwe huiswerk te doen. Dan kom jy by die huis, dan het jy al klaar 'n halwe dag se werk gedoen, dan moet jy nog haar werk ook doen. So toe was daar 'n voorstel, ek weet nie of dit van jou af kom nie? Ek verbeel my dat sy gesê het jy moet 'n spraakstudent identifiseer wat bereid is om teen 'n betaalbare bedrag, om dan saam met ..... na skool huiswerk te doen. Maar, ag, jy weet ek het nie 'n probleem nie. Ek moet maar my kind se huiswerk met haar doen, maar die kind raak ook moeg. En soos sy gesê het, jy kan nie na vier vandag al daai werk deurgaen nie, dis onmoontlik. So, dan "cope" jy maar net.

M: Ek dink nog 'n punt net daarso is: Dit is tot 'n mate die verantwoordelikheid van die onderwyser om te sorg dat die kind weet wat van hom verwag word by die huis, met die huiswerk. Dit is ook op die jonger standerds, maar weereens, hoekom moet 'n kind gepenaliseer word omdat hy nie kan hoor soos die onderwyser die huiswerk aflees nie, of wat ook al. Dit gaan nie rêrig oor kennis of wat daai kind as 'n grootmens eendag sal by uitkom nie, so ek dink dis 'n verantwoordelikheid.

C: Ja, ek dink ook, wat hy wil stress, is 'n goeie kommunikasie-huiswerkboek. Weet, hulle skryf hulle huiswerk van die bord af of die juffrou staan voor en sê bring dit of dat, of die afkondiging kom oor die interkom. Ja, dan mis hulle tog. So, die.... Dis eintlik weer 'n behoefte: dat daar 'n goeie kommunikasie-huiswerkboek moet wees.

**F: So, dis eintlik kommunikasie tussen ouer en onderwyser.**

C: Ouer en onderwyser.

*F: Enige iets anders, wat julle sou sê wat die verantwoordelikheid van die onderwyser met die kind met gehoorverlies. Ons het nou gesê... Is daar enige aspek of eis wat aangespreek behoort te word deur die hele inklusiewe stelsel, om die onderwyser te ondersteun? As daar een baie belangrike ding is wat uitstaan, voordat die onderwyser so 'n kind kan akkommodeer, wat is die belangrikste aspek wat aangespreek moet word wat daai onderwyser kan steun.*

M: Die belangrikste aspek wat aangespreek moet word?

**F: Om die onderwyser te steun, sodat hy hierdie kind in die klas kan akkommodeer.**

C: Ekskuus, soos ek gesê het, hier by die patologie van die oor. Ek dink vir my was dit belangrik dat sy weet: sy is soos 'n normale ander kind, sy het nou hierdie gehoorprobleem. Hierdie appraat is absoluut 'n wonderwerk, maar sy moet darem net so 'n bietjie van die apparaat verstaan, sodat sy kan weet as hy nou pap is, of hy 'n draadjie los het (..... se kables het nogals baie gebreek). Ja, dat darem net gevertroud is met dit.

G: Sy moet ingelig wees oor die gehoorgestremde kind.

**F: So, inligtingverskaffing is die belangrikste aspek.**

G: Ja, dat die kind nie vir haar 'n bedreiging is nie, want ek dink die ouers, met die onderwyser kan 'n handvolle storie wees, want jy sit hierso met 'n ....

C: Of 'n onsekerheid.

T: Ja.

M: En daai inligtingsverskaffing moet definitief insluit: die bewusmaking aan die onderwyser of onderwyseres dat die kinders het 'n probleem om taal aan te leer. Dit moet hulle verstaan. As hulle daai ding verstaan, dan val al hierdie ander goed maar in plek. So hulle moet weet dat die kind, as hy vinnig praat, of wat ook al, gaan die kind nie verstaan nie. As hy hogere woorde gebruik, kan gaan die kind nie verstaan nie. As sy die kind verloor het, moet sy hom gaan haal. Dis daai paar goed. Dis omtrent al wat verwag word. Die ander goed sal alles daarby inkom as hulle net dit kan besef.

T: Ek wil saam stem. As hulle bewus is daarvan, gaan hulle ekstra "effort" insit om seker te maak hy het dit.

M: Ek weet nie, is dit die laaste deel? Daar's iets wat ek wil noem hier en ek weet nie waar dit inpas nie. Maar daar's ook 'n behoefte by die kind om (dis ons siening), om net een taal op skool verpligtend te moet leer.

**F: Dis 'n belangrike punt.**

M: Ons voel dat dis nie nodig dat die kind deur die straf van twee tale hoef te gaan nie.

G: Of ten minste nie ge-eksamineer word nie.

T: Ons onderwysers bevredig ook.... Hulle staan sterk agter ons.

C: Ek het nie 'n probleem daarmee nie.

T: Al doen hy nie sleg in sy Afrikaanse toetse nie. Ek voel dis 'n mors van tyd. Ek wil hê daai tyd eerder in sy Wiskunde of Engels of dit wat belangrik is.

G: Kyk, ek sal nie wil hê ..... moet nie Engels leer nie. In julle geval, Engels, dit is nou weer...

T: Nee, In ons geval is dit...

C: Dit is heeltemal anders.

T: Hy gaan dit spontaan leer praat. Ek het geen twyfel...

G: ..... sal natuurlik (ek meen, wel, my Engels was nog nooit goed nie, Ma se Engels is nie goed nie), so hoe groter standerd sy gaan inkom en ek moet haar begin leer van "has/have" en daai goed, gaan sy vir my kwaad wees, want dan gaan ek swak punte kry. Sy gaan by my verkeerd leer, so, maar dat sy nie ge-eksamineer word nie.

C: Jis, maar wat bly oor?

G: Wiskunde kan ek haar mee help en die ander goed kan ek haar help.

C: Wiskunde is haar swakste vak.

**F: Goed, ons het omtrent 'n geweldige mondvul gepraat. Ek moet sê: baie, baie dankie. Ons het verskeie aspekte hier aangespreek. Ons het nou gekyk na wat sou ons beskou het as die behoeftes, daar was 'n verskeidenheid goed waaroor ons gesels het. En dan ook spesifiek die aanpassings. Die groot gevoel wat julle gehad het was rondom die taalaspekte, regdeur getrek na die assessering toe en duidelik gestel die verskil tussen die "wants" en die "needs". En toe't ons nou deurgekom na die eise en die vaardighede van die onderwyser en verskeie aspekte daar. En dan aspekte wat die rol van die onderwyser kan beïnvloed en verantwoordelikhede. En dan die een ding wat vir ons geweldig belangrik was wat uitgestaan het was dat hierdie ouer, ag onderwysers, moet inligtingverskaffing hê ten opsigte van die kind se gehoor, die taalaspek en wat hulle kan verwag. Ekskuus, eEn daar's iets wat jy daar wou gesê het.**

C: Ek wil net (as ek dit mag) sê, om dit net duidelik te stel dat almal van ons weet nou hierdie laaste stukkie van: sy sukkel met die sinsbou, sy sukkel met die woordeskat, sy sukkel met die begripsoefening en sy sukkel bietjie met die Wiskunde. Ek dink dit is wat ons nou al by al die ouers hoor van al die kogleëre kinders. So, ons wil nie vir die volgende nuwe mamma sê: "Hoor hier, jou kind gaan sukkel met dit en dit en dit nie. Ons wil nou weet wat moet ons doen om daai uit te brei. Want dan wil jy nie volgende jaar hoor jou kind sukkel met die begrips nie. Ek wil hê julle moet my help om haar te leer om haar begrips uit te brei, deur lees of ekstra...

**F: Wat jy eintlik nou sê is, 'n onderwyser moet vaardig wees daarin. Sy moet nie net kennis dra van die feit dat daar 'n probleem met die taal kan wees nie, maar sy moet vaardig wees daarin, sodat sy die ouer kan ondersteun hoe om die daai probleem reg te stel.**

M: En die kind.

C: Dis reg.

T: En sy't nog 'n klas vol kinders waarmee sy ook dalk kan sukkel. As dit kom by Wiskunde-baie ouers gaan vra na hoe doen hulle dit en die onderwyser se spesifiek: moenie julle metodes vir die kind leer nie, leer die skool se metodes. Dit is waar die ding inkom.

C: Dis reg. Dis reg.

T: Jy vat jou metode toe jy in "grade" wat-ook-al was, en die goed verander so. Jy kan nie dink...

**F: Dis 'n belangrike punt wat ons kan weet. Hulle moet vaardig wees daarin. Is daar enigsins iets van daai aspekte wat julle dink is belangrik, so belangrik dat hulle in die vermoë moet kan wees om te kan "train & teach"?**

M: Om ander onderwysers te "train"?

**F: Iets wat uitstaan. Is die aspekte wat ons nou genoem het, is dit tipe aspekte wat julle sou wou hê hulle moet kan oordra aan ander onderwysers?**

M: As hulle daai twee goed oordra moet hulle al die ander goed ook bytrek, want dis die simptome van daai probleem. Ja.

T: Dit is presies die ding.

M: Maar dit kom net terug by die punt- as mens hierdie ding 'inklusiewe onderwys' laat werk, moenie al die skole (ek herhaal nou 'n vorige punt, maar dis om die vraag te antwoord.) Jy kan nie al die skole kry om dit te doen nie. Mens moet skole oormerk, 'n mens moet dan,

daai skole raak “trainers”. As daar weer ‘n onderwyser of onderwyeres in daai skool inkom, dan is daar opgeleide onderwyser of onderwyseres om dit aan hulle oor te dra.

***F: Ek gaan nou vir julle so kortliks vertel wat is die hele inklusiewe sisteem. Maar is daar nog iets wat julle dalk dink ons het uitgelaat? Enigsins iets ten opsigte van die eise aan die onderwyser?***

T: Ek kan nie aan iets spesifieks dink nie.

***F: O.k.***

C: Hierdie is ‘n mondvul.

***F: Ja, maar baie dankie vir julle waardevolle insette.***

T: Ons wil vir jou dankie sê.



## Focusgroup Discussion – Speech therapists /audiologists

**F:** *As julle die term inclusion/ insluiting/ inklusiewe onderwys hoor, waaraan laat dit julle dink?*

**S:** Die heel eerste ding wat ek nou aan dink, die bietjie wat ek nou daarvan weet is dat die gehoorgestremde kind ingesluit word in die normale hoofstroom onderwys. Dit is die eerste ding wat nou in my kop op kom.

**V:** Ek kan net sê dat ek beskou dit as dat die kind ten volle geïntegreer moet wees in die klassituasie en die onderwysstelsel, en dat hulle half moet plek maak vir hierdie kind. En dat die sisteem by die kind moet aanpas.

**M:** Ek dink bietjie verskillend. Want die hoofstroom gaan glad nie by die kind aanpas nie. Ons sal half bietjie vir die kind moet vaardighede aanleer om juis by hoofstroom aan te pas.

**D:** Dit is vir my – vir my gaan dit daarvoor dat daar glad nie teen enige kind met gestremdhede gediskrimineer mag word nie. Hy moet net so geïntegreer word by die klassisteem soos enige ander kind en daar moet aan al sy behoeftes voldoen word. Maak nie saak wat sy behoeftes is nie, dit moet daaraan voldoen word.

**J:** Vir my is dit basies dat 'n kind, in 'n klaskamer is waar daar nie noodwendig ander gehoorgestremde kinders is nie. Maar ek wil net aansluit by daai wat jy gesê het (M) hoe voldoen die, daai hoofstroom omgewing regtig aan ander kinders se behoeftes in elk geval? Ek bedoel bv. met kinders met ADHD en ander met leerprobleme, so dit is seker maar dat die sisteem soveel voldoen aan 'n gehoorgestremde kind se behoeftes soos dit oor die algemeen voldoen of nie voldoen aan 'n kind met ander probleme nie.

**D:** Ek dink dit is waarna 'n mens werk, maar dit is definitief glad nog nie in plek nie. Nie vir enige gestremdheid nie. Ek dink dit is nog moeiliker vir 'n gehoorgestremde.

**S:** Ek dink net as ek dit hoor, dan maak dit my, wat met gehoorgestremde kinders werk, baie opgewonde. Die hele ding. Want jy weet as ek my kan inleef in daardie situasie dat jou kind die kans het om 'n normale lewe te lei. Dat hy nie meer so geïsoleerd is nie, (van sy maatjies van sy boeties en sussies). Dit is wat my eintlik opgewonde oor die hele ding maak, as mens hierdie term hoor.

**D:** Ek weet nie of ons daarby gaan kom nie, maar die sisteem op hierdie stadium is net so, dat dit glad nie bevorderlik is vir kinders met gestremdhede nie. En die onderwysers soos dit is, “cope” glad nie met dit wat hulle tans in die klas het nie. Hulle het 40 leerders in hulle klas (30-40). So daar sal baie aandag aan die onderwysers se gesindhede, en aan die sisteem gegee moet word.

**F:** *Dit is net-nou ons sleutelvrae. Ek wil net sommer vir interessantheid net weet, om elkeen van julle net te koppel aan die onderwerp – enige spesifieke ervaring met inclusion, insluiting wat julle van weet wat werk? Net kortliks. Dit is nou nie een van my sleutelvrae nie, dit is net om onself bietjie te “relate” met die onderwerp.*

**D:** Ja, ek doen dit nie tans nie, maar ek het dit gedoen toe ek by die universiteit gewerk het. Dit was net 2 jaar en dit was, met die gehoorgestremde leerders. Meestal leerders met kogleêre inplantings wat in die hoofstroom is. Ja dit het maar daarvoor gegaan dat ons, dat

ons gekyk het – ons het 'n vraelys uitgestuur- om te bepaal wat is die onderwysers se behoeftes. Wat sal hulle wil hê moet ons doen en dan het ek die onderwysers gaan sien. En ek het lang tyd in die klas deurgebring en gaan kyk na die klasopset, na die kind se sosialisering, die kind self (hoe hy /sy “cope” in die sisteem) en dan ook sosialisering, skolaties. En dan na die tyd met die ouers ook. So ek het al daai aspekte ingesluit en dan terugvoer gegee op die ou end en ook aan die einde van die jaar. Wat was vir hulle sinvol?; Wat het hulle daaruit geleer, (die onderwysers spesifiek), en wat sal hulle wil hê moet ons nog doen?

**M:** Ek het 'n ervaring gehad – maar dit was basies gebasseer op gesprekke – telefoongesprekke. Dit was nie in die klas nie. Ek het die onderwysers leide gegee oor kinders en gevind dat hulle baie bedreig gevoel het daarvoor-geweldig. Nadat ek 'n hele renaas gehad het oor die voordele het sy vir my gesê, of het ek al gehoor van Sonitus? En toe het ek nou weer verduidelik en verduidelik, en toe het sy gevra, maar het ek al gehoor van Trans-Oranje? So ek het die ervaring gehad dat onderwysers bedreig voel en dink ook, omdat hulle dan nog nie die vaardighede gehad het nie.

**S:** Weet jy nou – uit die aard van my agtergrond is ek baie ernstig oor spanbenadering. So my beleid is dat ons mekaar moet sien. So, ek doen dit nie op hierdie stadium nie, in die laaste 9 maande is ek nie meer daarby betrokke nie. Dit is dat ek mense bymekaar kry in my kantoor – die span wat op daardie stadium, wie betrokke is, gewoonlik ma, pa, ouma (wie ook al) ek, en dan die onderwysers. En dat ek 'n notule-tjie opstel, jy weet, en dat ons absoluut sit en praat oor dit wat ons pla. En ons probeer ook dit so een keer 'n kwartaal doen. Dit is vir die gehoorgestremdes.

**J:** Ja ek dink veral met kinders met kogleëre inplantings, is die juffrouens, is verskriklik bang daarvoor. Hulle is net so bang (net so besorgd daarvoor) hulle gaan dalk iets breek. Of hulle verstaan dit net glad nie. En ek het nogal gevind as 'n mens ingaan net die regte houding, (sien hulle jou), hulle wil net so graag hê dat jy weer moet kom. Jy weet, hulle trek alles uit jou uit, al die inligting. Maar as mens dit so bietjie verkeerd benader, dan sien hulle jou as “the enemy”. As heeltemal 'n bedreiging – jy kom in die klaskamer in en jy wil vir hulle iets sê wat hulle nie.... (sy hou op met haar sin). Jy praat oor hulle koppe en of jy praat onder hulle so ek weet nie. Dit hang maar alles van jou benadering af, maar as jy ingaan met die regte benadering, dan dink ek 'n mens kan regtig baie beteken vir daai onderwyseres. En sy kan baie beteken vir jou ook.

En dan 'n grootste behoefte, was praktiese goed. Wat doen ek in hierdie geval? Of, Kyk daar waar sy nou sit op die mat, is dit waar sy moet sit? Ek weet nie waar moet sy sit nie. Moet sy my lippe kan sien, of hoef sy nie regtig nie? Wat hoor sy regtig? Kan sy regtig hoor met hierdie dingetjie? Jy weet sulke goed. En as hy ophou werk, wat gaan ek doen? En goed soos: “As dit reën, wat nou? Sulke praktiese goed. Hulle was net so bly om te hoor, jy weet dat as dit reën, maak net seker dat die ma 'n reënkappie skool toe stuur. Sulke praktiese goed eerste. Jy weet, dat 'n mens die vrees vir die apparaat self, net eers afbring en dan veral die juffrou bietjie in die kind se wêreld inbring. Wat kan die kind hoor. Wat kan die kind nie hoor nie. In watter situasies is dit vir die kind onmoontlik. Ja, net sulke praktiese klaskamer goedjies. Goed wat sy op 'n “routine basis” in hierdie tipe ding kan inbou. Wat nie te veel moeite is nie.

**D:** Ek het gedink as ek vir haar, vir die onderwyseres, bv. vyf goed op skrif stel. Ek moet iets op skrif vir haar gestel het – hulle het meer aanklank daarby gevind. En hulle kan elke keer teruggaan daarna toe en net weer dit lees wat jy geskryf het. Ek het nooit meer as vyf goed vir hulle gegee nie. As daar 'n onderwyseres was wat meer opleiding nodig gehad het, het ek eerder vyf goed hierdie maand en vyf goed volgende maand vir haar neergeskryf. Ek het nooit meer as vyf goed vir hulle neergeskryf nie, want ek het gevoel, dan kan sy aan hierdie goedjies werk. Ek het in die begin, meer na die praktiese goed gekyk wat vir haar 'n probleem was, in haar klas spesifiek en daarmee het ek begin. Hulle het dit waardeer as ons dit op skrif vir hulle gestel het.

**V:** Ek praat baie met die onderwysers oor die telefoon. Baie van die menses wat ver bly, bel my – die mamma sê hulle moet my bel. Dan praat ek lank met hulle. En dit voel vir my, hulle grootste probleem is 'n gebrek aan kennis. En hulle wil (soos julle sê) praktiese riglyne hê om hierdie kinders te hanteer. Wat ek dan doen is ek stuur vir hulle 'n gids in die pos. Hierdie "Teachers Guide" wat Cochlear vir ons beskikbaar stel, en dan bel ek hulle weer later. En hulle is verskriklik bly om iets in die hand te hê en te lees, en te sien hoe werk die apparaat. En jy weet praktiese riglyne – dit kom nou van Cochlear, maar jy weet dit help om net daai kennis vir hulle te gee van die basiese apparaat. So ja, ek dink die (ja ek voel die) gebrek aan kennis, is die grootste probleem.

**M:** Maar ek het ook gevind dit wissel van die persoonlikheid van die onderwysers. Want party voel as jy my raad gee, of van hulp bedien, dan voel hulle jy dink jy is beter as hulle. Hulle wil nie wys dat hulle 'n gebrek aan kennis het nie. En ek het al self gesien, die goedjies wat ek op skrif gestel het, is sommer net so eenkant gesit. En ek weet sy het nooit weer daarna gekyk nie. Terwyl jy kry ander wat nie genoeg van jou tyd kan opneem nie – so graag wil hulle hê jy moet help. Hulle stel regtig belang. So, dit is baie gekoppel aan die persoonlikheid van die onderwyser.

**J:** Ja, wat ek nogal baie gevind het, is dat as 'n mens nogal lank tyd in die klaskamer spandeer... (maak nie sin klaar nie). Eers is die juffrou bietjie skrikkerig vir jou. Maar as jy nou eers die kind waargeneem het en jy kan 'n paar spesifieke goed sê soos: In hierdie situasie het sy nie dit gehoor nie, want bla, bla,bla.. Of sy het nie die antwoord op daai vraag gehoor nie, want sy kon nie vinnig genoeg lokaliseer om te sien wie beantwoord die vraag nie; Of, dis hoekom sy dit verkeerd het. En dan begin hulle nogal bietjie luister, as jy vir hulle konkrete goed kan sê. So, ek dink dit gaan ook oor hoe lank, hoe lang tydperk jy daar spandeer, en of jy "in-zoom" op daardie spesifieke goedjies wat jy raak sien. Anders praat 'n mens so half in die lig en vaag. Dit beteken dan eintlik niks nie.

**S:** Ek wil net sê die situasie wat ek elke keer geskep het, was vreeslik gemoedelik. Dit was nie ek het ingestap en gekyk wat doen jy nie. Jy weet, ons het regtig gesit en gesels en ek het van my kant af ook laat blyk, dat ek hulle ongelooflik nodig het. Ek het hulle nodig. Ek weet nie wat daar aangaan nie en hulle moet my asseblief sê, jy weet. Ek wil meer weet. Dat hulle nie gevoel het, maar dat ek (onderwyser) nie die ou is wat nie weet nie. Dat ek (STT) nie in beheer is, in hierdie situasie nie. Ek (STT) is ook maar net hier, en ek het ook nog kennis nodig, en ek het iets van hulle nodig. Ek het van hulle (onderwyseres) informasie nodig. En, jy weet, ons het vir mekaar gesê: Wat kan jy vir my sê? Ons het gesê: Waarmee sukkel ek, en hoe kan jy my help?. En ek moet jou sê, ek dink regtig dit het baie goed gewerk. Ek het geen antagonisme van die onderwysers in daai situasies, enigsins ervaar nie. Maar ek kan glo, ons werk almal – 'n geleentheid is nie altyd daar nie.

**F: Goed. As ek nou hierdie wat ons nou gesê het. As ons nou alles kan deur trek na die vraag (hierdie is ons eerste sleutel vraag): Wat sal julle beskou as die behoeftes van die kind met 'n gehoorverlies?**

**J:** Eerstens sal ek sê, dit is half struktureels. Die omgewing speel 'n ongelooflike groot rol. Dis maak of breek in die omgewing. As daar "ceiling vans" of 'n harde oppervlakte en oop vensters met kinders wat buite skree, is. En daai staal stoele en tafels wat op die vloere so "ie" "ie". Dan kan die kind die mees goed aangepaste kogleêre kind wees wat daar is, maar hy gaan nie kan hoor nie. Dis sowel jy sit 'n dowe kind in daardie klaskamer.

**F: Goed. So dis die omgewing.**

**M:** Eerstens, die apparaat moet werk elke dag. En dat jy moet toesien dat alles, sy apparaat, werk en dat hy op die regte plek sit. En die spraak van die onderwyseres. Sy moet bewus wees van hoe sy praat. Baie kan by die kind verby gaan. Dat sy opgelei word om tegnieke te demonstreer, soos byvoorbeeld: Praat

duidelik, herhaal, maak seker, kyk vir die kind. Jy weet, en dat sy seker is dat die kind verstaan. Het die opdrag aan die einde van die dag verstaan.

**J:** So basies – Kennis. Dat die juffrou moet kennis dra van dit.

**S:** Ek fokus nou weer op ander goed – ek wil nou weer by die mense uitkom. (Ek weet nie of dit regtig hier inpas nie). Maar ek dink, een van die belangrikste dinge vir hierdie kind, is die mense in sy omgewing. Daar moet 'n sterk spanleier wees. Daar moet iemand wees wat leiding neem oor hierdie kind se geval. Ek dink natuurlik 'n gemotiveerde ouer is die belangrikste spanlid (moet omtrent die spanleier wees). En dan, moet jy jou personeel-lede selekteer (dink ek nog op hierdie stadium). Ek dink jy moet jou personeel-lid in die skool kry wat geïnteresseerd is, en wat 'n sukses daarvan kan maak. En dan moet mens haar ondersteun. Mens moet haar voorberei, mens moet regtig amper daaglik haar ondersteun. Jy weet, dat sy nie so verlore voel nie, jy weet - dat sy miskien die enigste onderwyser is en niemand het om te vra nie. Daar moet oop kanale van kommunikasie wees. STT is natuurlik ook hier 'n belangrike faktor – alhoewel ek dink die ouer, moet die spanleier wees.

**V:** Elke kind, gehoorgestremde kind, in 'n skool met 'n kogleëre inplanting of apparate, behoort 'n FM-sisteem te hê. Waar jy daai sein – tot – ruis verhouding (wat M gesê het) kan uitkakel en dat die kind werklik die beste kan hoor met die apparate. En ook spaar batterye saam stuur. Maar dit is praktiese probleme. Maar baie keer, aan die einde van die dag, is die batterye pap.

***F: Ouers het ook so gesê.***

**D:** Ek wil net sê, wat vir my verskriklik belangrik is, is die sosiale en emosionele behoeftes wat hierdie kind het. Wat anders is, as 'n ander kind se behoeftes in die hoofstroom onderwys. En die juffrou moet dit weet. Sy moet weet hy gaan dalk vinniger moeg word as 'n ander kind, en wat die redes daarvoor is. En as hy huilerig raak, hoekom is dit so? En as 'n mens nie weet van sy sosiale behoeftes nie – bv. hy gaan nie so maklik deel wees van 'n groep nie, en die redes daarvoor, hoe gaan jy hom betrek by 'n groep? En wanneer hulle groepsaktiwiteite doen is dit vir hierdie kind baie moeilik om deel te wees van 'n groep. En hoe kan jy hierdie kind die heertyd terugbring na die groep toe. En watter groep om te selekteer vir hierdie kind, waar hy die beste gaan inpas. Waar hy dalk ook 'n leier kan wees. Want dit werk maar so by OBE. Ons moet almal leiding kan neem. Maar as die kind in 'n baie sterk groep is, sal hy dit nie kan doen nie. Dan is dit ook vir my verskriklik belangrik dat die juffrou sal weet dat, (mens wil nie vir haar sê wat sy moet doen nie), maar dat sy tog kan weet dat sy haar lesse bietjie kan aanpas, om die kind te help. En hier moet die juffrou baie nou saam werk met die STT en Oudioloog. Sodat sy kan weet, dit is 'n klein dingetjie wat ek kan doen. Ek kan bv. "Pre-teaching Method" doen, wat die ma by die huis kan doen (sy (onderwyseres) weet 'n week voor die tyd wat is die program-organiseerder vir die volgende week). En ook na die tyd, miskien "Post-teaching" kan doen, dat jy weet die kind het maksimum invoer gekry. Maar ek wil regtig nie vir haar sê, wat sy moet doen nie. Sy het baie werk, ek kan nie aanvanklik (in elkgeval) vir haar sê: "Dis hoe jy jou les moet struktureer, om aan te pas by die kind nie". Ek dink, mens moet eerder van die anderkant af begin, deur te kyk of: Werk die kogleëre inplanting; Hoe die kind in sy omgewing kan aanpas – om maksimale invoer te kan kry; en dan die emosionele- en sosiale behoeftes van die kind aanspreek - voordat hierdie aanpassings (opvoedkundige aanpassings) gemaak kan word.

**J:** Ek wil net oor hierdie, (die emosionele en sosiale behoeftes) nog sê dat, die juffrou half bemagtig is om vir die ander kindertjies in die klas (want hulle is nogal nuuskiering) op so 'n wyse te verduidelik, (as hulle kan vra), dat dit aanvaarbaar is. En om vir hulle op so 'n wyse te verduidelik dat dit nie van hierdie kind 'n monsterjie maak in die klas nie- dat dit vir die ander kinders aanvaarbaar is.

**M:** Dit moet eintlik van die begin af gedoen word. En deur die onderwyseres self. Dat sy vir hulle vertel in watter opsigte is hierdie kind anders en hoe moet mens aanpas en dan is die

kind soos hulle. Dieselfde gevoelens en so aan. En die ander ding wat ek voel is, dat die onderwyseres behoort saam met die ouers, die kind te monitor (en die STT) om te kyk, sodra hulle by 'n onderriglessie kom (waar hy/sy dalk gaan leerprobleme hê) dat hulle moet sien sodra die kind nie by bly nie. Want baie keer, word dit te laat opgetel. Dat jy weet dat 'n mens voorkomende stappe neem, sodra 'n mens agterkom dat die kind nie by bly nie.

**D:** Wat ek gevind het, is dat die onderwysers verwag minder van hierdie kind met 'n gehoorverlies. So sy gaan nie aan hom dieselfde eise stel wat sy aan die ander kinders stel nie. En ek dink dat mens vir haar moet sê, maar sy moet dieselfde eise aan hierdie kind stel.

**J:** Ja, solank sy omgewing reg is moet sy aan hom dieselfde eise stel. As mens dalk net vir die juffrou sekere beginsels kan voorstel soos “Pre-teaching” en dit dan prakties maak. Soos, ek weet in graad een doen hulle, as hulle leer lees, so 'n leesboekie. Elke week is daar 'n ander nuwe een van 'n klankie soos die leesboekie van “s” (dis nou van hierdie spesifieke skool). Dat die juffrou weet watter leesboekie gaan sy volgende doen en dat sy die week voor die tyd, dat dit huistoe gaan saam met daai kind. Dat die mamma die leesboekie .... (maak nie sin klaar nie). Want dit is nogals 'n moeilik situasie – as hulle op die mat sit en sy lees die boekie. Dis vir daai kind moeiliker as vir die ander kinders. So, as die kind “familiaal” is met die boekie (voor die tyd), dan sal sy (kind) ook beter voel. Meer verstaan en meer kry uit die les. So die beginsel soos “Pre-teaching” en sulke praktiese goed (ek het vergeet wat is die ander goed wat jy nou weer gesê het? – Sy vra vir M)

**M:** Dat hulle moet oplet as die kind nie by bly nie – daai een?

**J:** Ja. En dat as daar 'n klein probleem is om vir die ma te sê. Dat daar so 'n “chain” is. Dat die ma vir die STT sê, ens. Ja, sulke goed soos pre-teaching en die oomblik as daar 'n klein probleem is, die onderwyseres sê.

**M:** Voor dit 'n groot probleem word.

**J:** Of om 'n boekie te hê wat heen en weer gaan – elke dag.

**V:** Praat julle nou van jong kinders? Weet jy, my ervaring is dat die groot kinders wil nie eers hê, iemand moet weet hulle het aparate of kogleêre implantings nie. En hoe minder mense daarvan weet, hoe beter is dit vir die kind se emosionele stand. Ek ken baie kinders in die hoofstroom (groot kinders) wat in – die – oor – aparate het, of hulle hare so oor hulle ore dra, dat niemand in die lewe asseblief tog moet weet hulle is anders nie. En soms weet die onderwyseres nie eers hierdie kinders het gehoorverliese nie. En dit voel vir my daai kinders doen eintlik verskriklik goed, want hulle word deur maatjies aanvaar en hulle word normaal behandel deur almal. Daar is nie spesiale goeters vir hulle nie en ek wonder tog, as die kinders groter is, (daai ouers wat maak asof hulle niks makeer nie) dalk nie emosioneel beter “cope” in die hoofstroom nie. Nou goed, die tieners het nou weer hulle eie probleme – emosionele goeters. So ek weet nie, maar dit hang seker maar af van die kind of nie.

**S:** Ek sal sê jou kind wat hierdie emosionele dinge kan hanteer is seker beter af. En ek wil aansluit by jou (V), ek dink dat die kind 'n verantwoordelikheid daarvoor kan aanvaar. Ek dink gehoorgestremde kinders moet dood eenvoudig gouer verantwoordelikheid as ander kleintjies aanvaar. So, dat 'n mens hom eintlik instel daarop dat as hy nie weet wat in die klas aangaan nie, hy uitvind en sal verantwoordelikheid aanvaar. En dit die kind emosioneel sterk maak.

**M:** Dit hang ook baie af van die persoonlikheid van die kind. Jy gaan partykeer kinders nooit kry dat hulle daardie verantwoordelikheid gaan aanvaar - ten opsigte van kommunikasie probleme nie. Dit is net nie in hulle persoonlikheid nie – dis hoekom ek dink dat daar ander mense moet wees om dit namens die kind te moet doen.

**V:** Ja maar ek bedoel nie almal nie – net sekere kinders.

**M:** Ja, dit is so. Jy kry een kind wat die heelyd sê die goedjies is stukkend – ek kan nie hoor nie of staan so. Maar jy kry wat net tjoepstil is en wat baie keer net so tussen die massa verdwyn.

**J:** Is dit nie vir die kinders geweldige emosionele inspanning om heelyd die front voor te hou ek is normaalhorend nie?

**V:** Party verkies dit so.

**J:** Is dit nie baie uitputtend nie

**V:** Seker

**M:** Ek dink dit is geweldige konsentrasie om by te bly en enige kind moet op enige stadium konsentrasie verloor, en hulle nog meer.

**D:** Sodra die kind begin (veral die ouer kind) begin skoolastiese uitvalle vertoon, dan is dit essensieel dat die hele span moet weet hier is 'n probleem. Dat die onderwyseres en die remediërende onderwysers dan begin, dat hy dalk remediërende terapie moet kry. En dat hy ook weer miskien moet begin met Spraakterapie en dan weer definitief 'n sielkundige of opvoedkundige sielkundige moet gaan sien. Jy weet, sodra daar regtig skoolastiese probleme genereer is dit baie belangrik dat almal moet weet.

**J:** Ja veral in so geval as die juffrou glad nie bewus is daarvan nie, kan sy dit nogal verkeerd interpreteer. Oor die algemeen reageer onderwysers nogals dikwels negatief (dink ek) oor hierdie kinders, wat hulle dink gedragsprobleme het. En as die juffrou dan dink dis 'n gedragsprobleem – sal sy dalk nog meer negatief reageer.

**V:** Kyk, ek dink dit is uiters intellegente kinders wat so kan “cope” – sonder dat enige iemand weet hulle is gehoorgestremd. Daar is sulke kinders, daar is verseker. L het my nou die dag vertel van die standerd 9 of 10 meisie in Meisies Hoër en niemand het nog ooit geweet sy het 'n gehoorverlies nie. Sy is baie doof, en sy doen uitstekend. So daar is sulkes.

**F:** *Ek wil dalk net op hierdie punt sê - ons het ou verskeie aanpassings wat nou tersprake is. Is daar enige ander aanpassings wat nodig is, om so 'n outjie in die klaskamer te kan hanteer? Ons het nou goed aangeraak soos akoestiek en die onderwysers... Enige ander aspekte wat julle dink is belangrik?*

**M:** Ek het 'n opinie dat nie alle kinders kan met alle vakke in 'n groot groep aanpas nie. Jy weet dat 'n mens die kind sover as moontlik laat ander vakke neem, sodra jy sien dat hierdie kind in een vak, sê maar, wiskunde, engels ('n ander taal) sukkel. Of dat hulle dan ekstra onderrig kry. Ek sal sê dat gaan nie gebeur dat alle kinders in alle vakke kan bybly nie.

**F:** *Dis 'n interessante punt wat die ouers ook genoem het.*

**J:** Wie se verantwoordelikheid is die ekstra onderrig?

**M:** Dit hang af. In oorsese lande is dit die skool se verantwoordelikheid om dit op te tel en aparte klasse te hê – en die onderrig te doen asook die remediërende onderwysers. Terwyl hier het ons nie so 'n sisteem nie en dit mag dalk wees dat 'n mens weet dat die kind 'n

probleem het. (Praat jy nou spesifiek van 'n gehoorgestremde kind?) Daar is baie kinders, wat kan baat vind omdat ons sulke groot klasse het en net vir daai dinge waarmee hulle sukkel. Ek meen hoeveel mense se kinders kry nie ekstra wiskunde of Skeinat-klasse nie – so hoekom sal dit snaaks wees om dit vir die gehoorgestremde kinders ekstra onderrig aan te bied in vakke... (kan nie verder hoor nie – bietjie swak kwaliteit)

**J:** Is dit nou addisioneel of in daai klas tyd?

**M:** Addisioneel.

**V:** Ek voel altyd die juffrou, as sy weet wat is hierdie kind se probleem, dan kan sy baie meer gebruik maak van visuele leidrade, bv. die huiswerk op die bord skryf. Want hy gaan sommige hoë frekwensies wat hy nie mooi kan hoor nie - gaan hy dalk mis. Dan weet hy nie watsie bladsye, wat die huiswerk is nie ens... As sy baie meer van visuele goeters kan gebruik maak, gaan dit voordelig wees vir almal – maar veral vir hierdie kind met 'n gehoorverlies.

**D:** Ek dink wat veral ook belangrik is, veral met die ouer kind, dat mens spesifiek gaan kyk hoe hierdie kind leer – die wyse hoe hy leer en dan sy leerwerk daarby aanpas. En wat vir my daarmee saamgaan is – leesonderrig – lees is verskriklik belangrik – veral as die kind 'n probleem het met lees, want leer vind meestal deur lees plaas. So remediëring is vir my onontbeerlik vir 'n kind wat gehoorgestremd is. Want die meeste van ons kinders wat gehoorgestremd is het dalk later ook / of van die begin af lees- en speluitvalle. So saam met die STT is dit vir my verskriklik belangrik dat hulle na hierdie aspekte kyk en na spesifieke leermetodes ook met die kind – so vroeg as moontlik.

**V:** Ek voel ook die juffrou is dalk bang om vir die kind vrae te vra. Sy is bang die kind misluk en 'n mens moet dit dalk bietjie aanspreek. Want gewoonlik het 'n kind met 'n gehoorverlies probleem met vrae – vraag struktuur. So as die STT dalk saam met die juffrou kom en sy fokus spesifiek op vrae vra en vrae beantwoord, begrip van vrae. Dan kan dit oordra in die klas en kan dit die kind baie help.

**J:** Ja (selfs sulke goed) as die juffrou bewus is van goed soos vraagvorm is 'n probleem en tussenwoorde soos: /in/, /is/, /die/. Dat sy bewus is daarvan en dat sy spesifiek dit bietjie inbou in die klas, en fokus daarop.

**M:** 'n Baie nuwe manier van onderrig- nie alle skole doen dit nie- maar baie skole doen dit, is om leesonderrig te doen met gesigswoordeskate. En dan leer die kinders net tot op 'n bepaalde vlak. Hulle kan nie woorde aanpak wat 'n vreemde woord is nie – dit is nog erger vir gehoorverstremde kinders.

**D:** Dan wat jy nou-nou aangeraak het, is die OBE. Wanneer kinders in 'n groepie verdeel word, mag dit gebeur veral waar punte daarvoor gegee, (hulle punte daarvoor kry), dat hulle of die kind met die gehoorverlies nie sal benut in die groepie nie. Of die kind nie in hulle groepie sal wil hê nie omdat hulle goeie punte wil behaal en dalk dink die kind se prestasie is nie so goed soos hulle sin nie. So ek kan nie presies sê of dit die onderwyseres se taak is of nie, maar dit gaan nie werk as dit die ouer is nie – dit moet wees dat hulle dan aan hierdie kind 'n spesifieke opdrag gee wat net so groot bydra kan wees. (Wat die kind kan bemeester). So mens sal baie goed moet weet wat hierdie kind doen in elke opdrag.

**S:** Al wat ek nou eintlik aan kan dink, maar ek dink ons spreek almal daarvan. Dis dalk nog altyd 'n goeie idee dat die kind 'n spesiale maatjie kry wat seker maak hy weet ons moet nou saal toe of ons moet nou daarna toe, ens.

**V:** So Buddy.

**J:** Ek dink hulle kry self hulle eie spesiale maatjie en hulle klou.

**D:** Ek weet nie of dit relevant is nou nie, maar wanneer 'n kind leer vir die eksamens en toetse kan mens ook die eksamens vir hierdie kind aanpas deur bv. vir die onderwyseres leidrade te gee, van hoe moet jy jou vrae stel. Wat is essensieël. Wat moet in die vraag wees om dit – om nie dubbelsinnige vrae te stel nie. En dan ook dat jy dalk ook vir die kind bietjie langer tyd kan gee of dit dalk stadiger lees, omdat hulle miskien bietjie leerprobleme het / opvoedkundige probleme het. So ek weet nie. Dan wat ek ook aan gedink het, is dat 'n mens aanpassings kan maak aan die huiswerk. Die ouers dalk leidrade gee van hoe jy die huiswerk kan doen. Jy weet die ouers sit ure in die middag met die huiswerk. Ja, en miskien die huiswerk bietjie beter verdeel vir die kind dat hy in 'n week se tyd die huiswerk gedoen kry. Om dalk al die huiswerk te kry – maar miskien teen 'n ander tempo as die ander. Ek voel ook dit is belangrik dat die ander kinders en ouers nie weet nie – 'n interne reëlling tussen die ouers en die onderwysers.

**V:** Kan mens nie ook aanpassings maak deur vir hierdie kind 'n mondeling eksamen te gee nie?

**D:** Jy kan.

**V:** Hulle sal waarskynlik baie beter doen in 'n mondeling eksamen as in 'n skriftelike eksamen.

**D:** Maar hulle stel nie amnienses voor nie. Die departement is baie streng oor amnienses. Dit is regtig net in uitsonderlike gevalle dat hulle amnienses voorstel. Dit is baie sleg, want ek voel die leerders kan baie beter doen. Maar dit is definitief 'n aanpassing wat gemaak kan word.

**V:** Wat van taal? Ons het een outjie met 'n kogleëre inplanting wat die mamma besluit het / die ouers besluit het hy moet liewer in Engels onderrig word as in Afrikaans. En alles, alles verander rondom die taal van die kind. Die voel vir my ons as terapeute moet dalkies vir die ouers sê (goed dit is hulle keuse - ek verstaan dit maar) hulle moet miskien eerder bly by moedertaalonderrig. Omdat dit so geweldige probleem is vir hierdie kinders om een taal aan te leer. Wat nou nog van 'n tweede taal?

**D:** Ja dit is 'n groot probleem.

**M:** Iets vir die toekoms is. Ons skole is nie gebou vir inklusiewe onderrig (vir kinders met abnormiliteite) nie. Hetsy in rolstoele en /of 'n gehoorverlies. Ek voel bv. dat alle klasse moet FM-sisteme hê - selfs normale kinders kan daarby baat en ook die juffrou se stemgebruik (veral in die klaskamer) spaar. Dat sy nie hoef te skree nie. Skole moet gebou wees weg van lawaai. En veral die klasse waar so kind onderrig word, moet so gekies word dat dit weg van die straat af is. So ja, miskien akoestiese teëls, al daai dinge. Daar is baie – die matte op die vloere, selfs die keuse van nie 'n metaal-asblik nie. Of sulke goeters. Dis dat iemand moet gaan beplan. Wetgewing sê in elkgeval dat die geraasvlakke nie op 35dB mag wees in enige – tersiêre en so klaskamer mag nie wees nie. Mens moet dalk eintlik daai wetgewing toepas en kyk wat is die geraasvlakke in die klas. So daar het 'n mens eintlik mense nodig soos Ingenieurs en Argitekte in die toekoms om die hele sisteem te laat regverdig.

**S:** So eintlik moet mens nou vir die ouers aanbeveel – dat as jy jou skool kies moet jy daarna kyk – na die ligging van die skool.



**V:** Maar sê nou die kind val uit in die grootter klas, kan jy die aanpassing maak om 'n ander skool te gaan soek in dieselfde omgewing, waar kleiner klasse is. Want ek voel so kind gaan verlore raak in die groot klaskamer.

**J:** Oor die algemeen is 'n kleiner klas, meer klasgeld.

**F:** *Goed, dit was 'n mondvul, sjoe. Goed die volgende vraag wat ek net spesifiek wil stel ten opsigte van wat ons reeds bespreek het. Watter eise stel al hierdie dinge, (die behoeftes van die kind, die aanpassings wat gemaak moet word). Watter eise stel dit aan die kennis en vaardighede van die onderwyser. En as ons dit dalk - as ons kyk of ons dit dalk op daai skaal kan sit. Sê nou maar ons noem iets en ons besluit uiteindelik of dit wat ons nou genoem het, dat sy net bewus moet wees daarvan, aspekte waarvan sy moet kennis dra, aspekte waarin sy vaardig moet wees en aspekte wat van so aard is dat sy ander daarin moet kan oplei. As ons dalk net hierdie punte wat ons dink belangrik is, net met daai kode kan merk.*

**M:** Ek dink nie dit kan net aangespreek word as 'n toevallige basis as die onderwys reeds skool hou nie. Mens moet al hierdie dinge reeds (as mens na so 'n sisteem beweeg van inklusiewe onderwys) moet dit in hulle leerplanne ingebou wees. Voorgraads – voordat hulle in die beroep staan – dat hulle ten minste al weet wat die gevolge is, bv. 'n gehoorverlies, wat dit impliseer, en hoe sal hulle hierdie kind hanteer. Dan kan later in die klassituasie die STT inbeweeg en spesifieke goed doen. Hulle moet reeds bewus wees van en algemene kennis hê. En hulle moet selfs 'n bietjie “skills” hê om met die gehoorgestremde te praat en aanpassings te maak en selfs te weet wat wag op hulle as daar so kind in die klas gaan wees.

**J:** So die grondslag moet reeds daar wees.

**M:** En dan kan mens nou, want as ons praat van onderwyseresse in groepies vir ander kinders vaardighede leer, moet sy “training” kan doen wat daardie goed aanbetref en sulke spesifieke goeters “skills”, kan dan later kom. Maar daai eerste 2 sal ek sê moet sy van bewus wees en algemene kennis moet daar wees voor sy begin.

**F:** *Ten opsigte van watter aspekte? Watter aspekte sal jy uitsonder?*

**M:** Dis moeilik – hulle moet van verskillende gestremdhede kennis dra. Nie net byvoorbeeld nou net die kind met die gehoorverlies nie.

**F:** *As jy nou moet fokus op die kind met 'n gehoorverlies?*

**M:** Hulle moet goeters weet soos: Daar is verskillende grade van gehoorverliese; die gevolge op die ontwikkeling wat betref spraak en taal; en daardie weer die gevolge op lees en leer. So, dit is kennis wat hulle moet hê. Dan moet hulle ook weet – aanpassings: Die gehoorapparaat; hoe om hom na te gaan; en hulle moet weet watter gedragskenmerke om na te kyk wanneer hulle sien die kind kom / is nie by nie; weet waar om die kind in die klaskamer te plaas en ook hoe om die omgewing te struktureer. So, ek sal sê sulke tipe goed. Hulpdienste. Hulle moet weet as hulle vashak met die kind, waar om hulp te kry.

**V:** Ek dink die juffrou moet verseker weet, as daar 'n kommunikasieprobleem is en die kind verstaan nie. Dan moet sy weet sy moenie net dieselfde frase herhaal nie, maar liewers 'n ander bewoording kies of iets. Al daai basiese vaardighede oor kommunikasie en hoe jy spesifiek met iemand met 'n gehoorverlies moet kommunikeer. Watter aanpassings jy moet maak. Voel ek daai kennis is essensieël.

**J:** “Management strategies” as jy so kind in jou klaskamer het. So die juffrou moet kennis hê van wat moontlik verkeerd kon gegaan het in 'n sekere aspek. Jy (STT) moet kan hipoteses stel, en op grond daarvan moet sy “management strategies” kan uitvoer en as dit nie werk nie, moet sy kan weet, wie om te kontak.

**S:** Ek weet nie of ek jou nou verkeerd verstaan nie. Maar ek sien hierdie kind voor my wat in die klas inkom en daar is sekere goed vir my uitstaan wat die juffrou moet sien. Die kind het artikulasie probleme; hy het taalprobleme; hy het begripsprobleme; hy verstaan nie wat sy sê nie – so ek sou sê sy moet bewus wees van artikulasie. Ek sal nie sê sy moet regtig kundigheid hê om 'n artikulasie probleem op te los nie, maar sy moet dit kan optel. Sy moet kan sê dit kom aan die einde van die woord. Sy moet vir my 'n bietjie kan raad gee wat dit betref. Ek weet nie of ek op die regte spoor is nie – is ek reg?

Wat reseptiewe taalontwikkeling aanbetref - sy moet beseft (sy moet vir my kan onderskei) maar hierdie kind het nie nou verstaan wat ek gesê het nie. Hy het nie hierdie woord nie. Miskien moet ek 'n ander woord insit en miskien het hy nie hierdie woordeskat nie. Sy moet kennis daarvan hê, dat 'n mens so iets kan doen.

Dan oor taalontwikkeling – ekspressiewe taalontwikkeling (ek is baie op die kleintjies hoor)- wil ek graag hê sy moet min of meer weet hoe verloop ekspressiewe taalontwikkeling. Dat sy moet ook kan sien maar “joe” hierdie kind moes al daar gewees het.

En dan ouditiewe prosessering - voel ek persoonlik is 'n verskriklike groot leemte. Ek dink nie, ek dink baie onderwysers weet nie regtig wat dit is nie – hulle onderskei onder die verskillende afdelings wat 'n mens kry van ouditiewe prosessering. Ek sal graag wil hê dat hulle kennis daarvoor moet kry sodat dit my kan help met my diagnose as STT. En dan oor die apparaat voel ek, dit is ietsie wat hulle altyd oor kennis moet hê – hulle moet nie net bewus wees van die gehoorapparaat nie, hulle moet. Sy moet weet hoe werk hy, waar kom hierdie draadjie in.

**D:** Ek weet nie of dit aanpas by hierdie vraag wat jy nou gevra het nie, maar vir my is dit baie belangrik dat jy eerder 'n onderwyseres sal kies wat alreeds met sulke kinders gewerk het, of 'n skool kies waar alreeds sulke kinders in was. Want sy kan dan in die toekoms weer ander mense oplei om met sulke kinders te werk. En sekere mense gaan net nooit met gehoorgestremde kinders kan werk nie, mens moet dit weet. En jou hoof moet dit ook weet. So daarom moet jy jou hoof ook inlig wat is die goed waarna jy kyk of wat sal jy graag wou hê. Watter eienskappe is belangrik wat 'n onderwyser moet hê om met so tipe kind te kan werk. So ek dink jy moet dit met die hoof ook kommunikeer. En dan met die departementshoof ook – dit is vir my ook nogal belangrik want dit help nie mens sit 'n kind by 'n onderwyser wat dit nie wil doen nie. Wat nie die kennis wil aanleer nie. Sy voel dit is nie haar werk nie, die kind moet eerder in 'n ander tipe skool wees. Hoekom is hy daar? So jy gaan kyk. Jy gaan definitief die onderwyseres selekteer wat oor die nodige vaardighede beskik.

**V:** En sê nou maar daar is net een juffrou en een graad 1 klas - in die platteland en daai omgewing.

**D:** Dan is opleiding geweldig belangrik. Daar is die res van die span baie belangrik om haar te ondersteun.

**S:** Ek dink daar moet (ons verwag baie van hierdie juffrou se kennis en vaardighede en ons wil haar graag baie nuwe goeters leer. Ek dink dit is seker maar iets wat mens baie versigtig moet benader. Ek dink as jy haar eers gemotiveerd kan kry, gaan dit dalk werk. As jy vir haar al hierdie inligting wil gee. Maar mens moet altyd ondersteun, (nie net in gesprek nie) maar soos M gesê het haar iets te lese gee. Moet haar nie oordonder - dadelik nie. Miskien so elke nou en dan 'n ietsie, jy weet, dat sy haar vaardighede en kennis kan uitbrei.

**M:** Mens moet ook so 'n onderwyser wat die ekstra myl saam loop- beloon. Ek dink mens moet positief wees en sê jy weet (by herhaling, want hulle dit nie van 'n ander plek af hoor

nie) en dat jy kan sien sy probeer regtig waar baie hard en baie dankie dat jy kan sien – kyk hoe vorder hierdie kind. Goeie beloningsisteem.

**D:** Ons het net-nou nog gepraat van, waarmee wil ons die onderwyseres in die toekoms toerus of bemagtig. Maar wat van onderwysers wat tans in die sisteem is, wat nie daai kennis en vaardighede het nie? Ek dink vir my sal dit 'n wegspring plek wees om te weet of die onderwyseres genoeg belangstelling getoon het in die kinders met probleme. Dat sy byvoorbeeld 'n remediërende diploma ekstra gaan loop het. Dat 'n mens dalk sou weet dat daai onderwyser stel belang in kinders met remediërende probleme of skolastiese probleme. Of dat dit miskien 'n wegspring plek kan wees as jy nie weet watter onderwyseres om te kies vir die kind nie.

**M:** Ons moet CPD punte vir onderwysers gee wat kursusse bywoon om op hoogte te bly

**D:** Die departement bied mos maar sulke kursusse in die vakansie aan – sulke week lange kursusse - spesifiek ten opsigte van OBE. En dan raak hulle nogals bietjie op koers.

**J:** Ek wonder of dit nie dalk ons rol is om sulke goeters te begin nie?

**D:** Daar is spesifiek nou 'n kongres wat in Mei maand aangebied word en hulle vra spesifiek dat ons tipe mense - wat hulpdienste is - spesifiek kom inligting gee. Want hulle wil hê ander kundiges moet met die onderwysers kom gesels. So hulle beweeg meer in daardie rigting.

**M:** Ek dink dit is nou met inklusiewe onderwys eers nodig om die sielkundige dienste terug te kry, wat daar destyds was. Want daar is nie genoeg hulp aan elke skool nie, dat ons aan elke skool jou span het wat daar is.

**V:** Ek kan net sê ons studente het jare laas in die skole gewerk, en nou hierdie jaar het hulle besluit dat hulle nou weer in die skole inbeweeg. En ons sien nou watse behoeftes daar is. Nie eers met gehoorgestremde kinders nie, maar met gewone kinders. Geweldige nood, omdat daar so min ondersteuning in sekere areas is, is die dienste van die STT vir hulle geweldig, geweldig belangrik. Nog te mèer by kinders met 'n gehoorverlies.

***F: Goed dit is dan nou ondersteuningsdienste. Is daar enige ander bykomende aspekte wat julle selfs voel die verantwoordelikheid van die onderwysers op hierdie stadium by 'n kind met 'n gehoorverlies beïnvloed. Enige ander aspekte, nie noodwendig net in die klaskamer nie. Enige ander aspekte – bykomend – wat die verantwoordelikheid van die onderwyser beïnvloed?***

**S:** As ek net so vinnig dink – die ondersteuning van die skoolhoof. Jy weet as daai persoon nie betrokke wil wees of nie belangstel nie- dink ek gaan sy 'n baie eensame geveg hê.

**M:** Hele houding van die personeel – hulle moet positief wees. 'n Ander ding, ek weet nie of dit heeltemal dit beïnvloed nie. Onderwysers het 'n probleem vandag, omdat die kinders by die skool heterogeen- baie heterogeen van aard is wat hulle behoeftes aan betref. So as hulle kan hulp kry om kinders wat op verskillende vlakke is (taalvlakke en so meer), deur byvoorbeeld aan die skool sielkundige dienste te verskaf. Dat daar mense is wat kan help. Ouers is al minder betrokke – ouers werk almal. As jy die ouers- as die onderwyser selfs 'n ouer kry wat baie insit- maak dit, dit vir haar aklaar baie makliker, as wat daar 'n kind in die klas is wat nie 'n ouer het nie.

**D:** Die onderwysers gaan dikwels nog baie ontoereikend voel en ek dink sy moet ook ondersteuning kry om haar as mens op te help en te ondersteun sodat sy weer die diens aan die kind kan lewer. So sal daar 'n SLK wees as deel van die ondersteuningsdienste – dink ek

moet daar gereeld met haar gesprekke gevoer word. Hoe voel sy? Cope sy? Sal daar iets wees wat sy graag sou wou verander sodat sy net 'n bietjie kan sê hoe sy voel. Dat ons nie net kyk na die kind nie, maar dat ons ook kyk na haar as mens.

**S:** Ek dink om daarmee saam te gaan ook jy weet, sal die ma wat gaan kontak hê of die pa wat met hierdie onderwyser gaan werk – gaan 'n fyn aanvoeling moet hê om nie regtig 'n oorlas van jousef te wees nie. Dit op 'n professionele vlak moet hou. Dat sy nie elke dag die juffrou gaan wil pla nie – want daar gaan dae wees dat sy net noodwendig nie kan nie. Dan mens regtig 'n aanpassing moet maak – dagboeke bymekaar slaan, en besluit dit is die dae wat ons gaan praat. Ek gaan jou nie elke dag kom pla nie. Jy gaan nie my gesig elke dag hier voor jou deur sien nie. Jy weet, want dit kan te veel raak.

**D:** 'n Moontlike aanpassing wat ons ook daar kan maak is dat jy sê, om hierdie juffrou bietjie los te maak van sekere aktiwiteite by die skool. Want sy het dalk al die moeilike kinders in haar klas wat remediërende hulp nodig het- dat 'n mens soort van haar kinders verdeel as dit bv. sport of sang of iets is. Dat sy die kinders dan kan neem vir 'n periode of twee. Hulle dan ekstra onderrig gee of dan eerder meer remediëring kan gee en dat die ander personeel haar dan bystaan met die ander kinders. Maar dit is baie moeilik want ons het baie kinders in die klasse – dit is nie altyd moontlik nie. Maar ek dink dit kan dalk nogals 'n oplossing wees vir haar dat sy voel daai deel wat die kind mis in die klas, kan sy dalk bietjie meer individueel aandag gee. En miskien in 'n groep van 3 – 4 kinders.

**M:** Jy sien die ander ding is - finansieël – want dit is duur om die aparate instand te hou. Mens moet eintlik 'n ekonomiese sisteem hê, wat vir hierdie ouers help dat hulle baie meer belasting toegewings kry. Hulle kry maar....en subsidie gewys aan skole. Want hulle het ekstra, as hulle nou FM-sisteem insit of so, maar hulle het nie die geld nie. So ek weet nie hoe nie – dit sal op regeringsvlak moet wees. Kyk na finansiële steun - aan skole wat inklusiewe onderrig gee en aan ouers.

**V:** 'n Mens kan ook hierdie onderwysers nooi, na al jou kongresse – dat hulle meer kennis kan opdoen van ander mense. Nie net van die terapeut af nie maar ook van ander ouers, of wie ook al. En dis lekker om ander mense te sien, soos oorsese mense – en te hoor hoe hulle onderwysers in die klas, inklusiewe ondewys, hanteer.

**D:** Ek dink wat ook belangrik is, is dat ons as STT en ODL nie alleen, altyd die opleiding moet gee nie. En daar voor gaan staan en daai opleiding aan die onderwysers moet gee nie. Dat 'n onderwyser wat kundig is op die gebied dit gee. Jy voel net baie meer toegenee en ontvanklik vir dit wat 'n ander onderwyseres vir jou – want sy gaan vir jou sê: “Weet jy dit was die goed wat ek gevind het vir my 'n spesifieke probleem is”. En ook ouers gaan kry om die onderwysers te gaan toespreek en vir hulle gaan sê: “Maar weet jy wat het dit vir my beteken die keer toe daardie onderwysers vir my gesê het dit en dit en dit / of vir my kind beteken toe sy haar les so gestruktureer het”. Of wat ook al. So ek dink ons as kundiges moet partykeer terugstaan en hulle eerder kans gee om te sê wat hulle gevind het.

**V:** Soos miskien 'n kogleëre oueraand.

**S:** Dit wat ek ook gevind het, as jy by die beplanning van die lesse of by die beplanning van leerplanne, 'n rol speel as STT en OUD. Dat jy saam met die onderwyseresse sê: Hierdie temas, hoe kan jy dit aanspreek, wat gaan vir die kinders moeilik wees. By die beplanning fase, nie net as hulle alreeds die les aangebied het nie, dan intree nie – maar reeds as hulle al vir die jaar beplan.

**J:** Dis meer 'n rol op die agtergrond. Dit is minder “intrusive”.

**M:** Wat natuurlik ook vir die juffrou van baie waarde sou kon wees is as daar 'n hulp in die klas sou kon wees maar daar is nie geld vir so iets nie. So wat gebeur as die ouer besluit

maar ek gaan iemand betaal om elke dag saam met my kind klas te gaan – hoe sou die skool daarvoor voel? Hoe sou die onderwysers daarvoor voel? Gaan sy bedreigend voel of nie? As sy nie 'n probleem daarmee het nie, dan dink ek sou dit goed werk vir spesifieke kinders – maar mens moet baie versigtig wees as jy dit doen. Ja, ek dink dit kan dalk werk.

**J:** Watse tipe persoon sou dit dan wees?

**M:** Dit hang af van die kind se gestremdheid. Maar ons praat nou spesifiek van die gehoorgestremde kind – dit kan dalk... (maak nie sin klaar nie) – ek weet nie – ek weet nie of jy iemand kan betaal wat opleiding het nie. Dit sal vir die juffrou dalk bedreigend wees. Dat 'n mens dalk iemand wat dalk net uit matriek uit is wat “appair” werk wil doen – dan so iemand kan kry en oplei. Wat jy sou wou hê.

**S:** Daar's ouers – ek weet nie. Ek weet nie self hoe voel die onderwyser daarvoor nie, of hulle dit as bedreigend ervaar nie. Maar dat ouers ingegaan het as klashulpe dan hou hulle hierdie deel van die klas bv. besig met skryfwerkies en die juffrou werk hierdie kant sodat haar aandag na kleiner groepies toe kan gaan.

**D:** Ek persoonlik sal nooit vir ouers gaan nie. Dit is net te persoonlik.

**M:** Maar ek het ook al gesien by verdere onderrig dat hulle vir die kind iemand saam stuur om notas af te neem/leisngs af te neem wat hy nie self kan doen nie.

**D:** Ons gebruik tutors, maar dit is meestal studente wat na ure- die ure wat hulle vry het, ons kinders in die middag kom help. En dit werk nogal baie goed – dit is “studente”- arbeidsterapie studente. So dit werk baie goed met ons tipe kinders – dis dalk iets waaraan ons ook gedink het. Maar ek weet dit het dalk nie nou van toepassing op die vraag wat jy gevra het nie.)

**J:** Kom hulle? Is hulle in die klas?

**D:** Nee, hulle kry die werk van die klas af, saam met 'n briefie van die onderwyseres en dan sal sy die werk met hom die middag doen – ondersteun.

**V:** So half individuele onderrig – amper bietjie remediëring?

**D:** Ja

**V:** Dis wonderlik

**D:** Bietjie remediëring – bietjie help met die huiswerk –veral leerstrategieë.

**F:** *Dit is nou 'n groot mondvul. As julle nou een aspek sou uitsonder –wat sou julle beskou as die belangrikste aspek wat aangespreek moet word om 'n onderwyser te ondersteun? Wat staan vir julle uit? Wat is die belangrikste eis wat aangespreek moet word?*

**V:** Ek sou sê die juffrou se bereidwilligheid om hierdie kind te aanvaar.

**M:** Ek dink steundienste – daai steundienste by elke skool – dat dit nie ver is nie - dat dit koste effektief is. Want ouers kan nie ook nog ekstra hulp bekostig nie en dat daar

steundienste die heletyd tot die onderwyseres se beskikking is. STT, Skool SLK, OT, Fisioterapeut. Dat hulle kan weet dat daar hulp is, nie net eers 'n oproep ver nie. Die hulp is hierse. Ek dink dit sal baie van hulle ander druk verlig – en vir die ouers ook.

**F: Wil enige iemand nog iets byvoeg?**

**J:** Ek stem saam

**D:** Ek dink dat die persoon se kennis ook die heelyd aangevul moet word. Dit is die belangrikste.

**J:** Dit sal eintlik al die ander dingetjies kan aanspreek.

**D:** Mmmm...

**F:** Ek gaan nou net vinnig kortliks opsom waaroor ons gepraat het. Dat ek kan weet of ek op die regte pad is en of ek julle reg verstaan het.

*Ons het begin om bietjie te gesels oor inklusiewe onderwys en wat die ervaring van inklusiewe onderwys is. Die aspekte spesifiek ten opsigte van die kind – die omgewing, die apparaat, aanpassings in die onderrigstelsel, aanpassings van mense se onderrigmetodes om ander kinders voor te berei, so ons het al daai aspekte gedek.*

*Toe is ons oor na – ander aanpassings- addisionele onderrig en vakke, visuele leidrade, ouers wat betrokke moet wees, OBE (wat jy gesê het almal dat almal bymekaar moet wees in IEP ingewerk). En toe het ons oorgegaan na spesifieke eise in die onderwyseres se kennis en vaardighede – dit was eintlik moeilik om die goed te onderskei.*

*Ek het nou sulke hoofpunte uitgesonder, maar ek gebruik die hele gesprek om hierdie inligting te onttrek. Iets wat daar belangrik is wat M gesê het dat die ... moet reeds vooraf in leerplanne omgesluit word, wat ons almal sien as 'n groot behoefte. Toe het ons nou in bietjie detail ingegaan.*

*Oor wat hulle nou moet weet. Uiteindelik uitgekóm by bykomende aspekte – daar het ons geweldig baie:*

- *finansiële sy*
- *mekaar oplei*
- *gebrek aan ondersteuning – waartoe dit sal lei*

*Dit was 'n geweldige mondvul.*

*As julle nou dink aan die oorkoppelande onderwerp: Die kind met 'n gehoorverlies in die inklusiewe klaskamer in Suid-Afrika: Die eise aan die onderwyser.*

***Is daar enige iets wat julle dink ons moet byvoeg:***

**M:** Hulle moet net voor die tyd al weet dat dit baie van hulle tyd gaan vat.

**J:** Net een ding, wat hulle dalk net bewus van moet wees – is dat kinders met gehoorverlies dikwels bykomstige probleme ook kan hê. Bykomende gestremdhede, soos visuele probleme, ouditiewe prosserings, wanneer dit neurologies gebaseerd is. Veral as dit deel is van .... (Maak nie sin klaar nie)

**S:** Maar ek moet jou sê – kan ek net vir jou sê, dit is ongelooflik bevredigend. 'n Ongelooflike ervaring om te kan sien hoe 'n gehoorgestremde kind vorder. As mens dit vir hulle kan voorhou. Want mens groei geweldig persoonlik daaruit.

**M:** Die onderwyseres – as hulle net 'n positiewe houding oor daai kind het. Een negatiewe dingetjie kan daardie hele verhouding skade aan doen.